

**RIGLYNE VIR 'N MIV/VIGS-GROEPWERK  
-VOORKOMINGSPROGRAM VIR DIE  
PLAASWERKERGEMEENSKAP**

**LEANA NOGUEIRA**  
2006

**RIGLYNE VIR 'N MIV/VIGS-GROEPWERK  
-VOORKOMINGSPROGRAM VIR DIE  
PLAASWERKERGEMEENSKAP**

**LEANA NOGUEIRA**

Artikels voorgelê ter nakoming van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**

in

**MAATSKAPLIKE WERK**

in die fakulteit gesondheidswetenskappe

aan die

**NOORDWES-UNIVERSITEIT**

Studieleier: Dr. C. Strydom  
Medeleier: Dr. A. Roux  
Potchefstroom  
September 2006

## **Voorwoord**

Die Maatskaplike Werk/Social Work vaktydskrif publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van maatskaplike werk asook relevante bydraes uit ander dissiplines. Bydraes mag op Afrikaans of Engels geskryf word. Artikels op Afrikaans moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming van ongeveer 200 woorde. Alle bydraes sal krities deur ten minste twee keurders beoordeel word. Beoordeling is streng vertroulik. Manuskripte sal na die outeurs teruggestuur word indien ingrypende hersiening vereis word of indien die styl nie ooreenstem met die tydskrif se standaard nie. Kommentaar op artikels wat in die tydskrif gepubliseer is, moet van toepaslike titels, die naam (name) en adres(se) van die outeur(s) voorsien wees en verkieslik nie langer as vyf bladsye wees nie. 'n Disket met die hele teks, verkieslik in MS Windows (Word of Word Perfect) of ASCII moet die hele manuskrip en een duidelike kopie daarvan vergesel. Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied. Manuskripte moet in 12 pt "Times Roman" dubbelspasiëring slegs op een kant van 'n A4-bladsy getik word. Indien enigsins moontlik, moet die manuskrip ook per e-pos versend word aan [hsu@sun.ac.za](mailto:hsu@sun.ac.za).

## **Dankbetuigings**

*Die grootste lof en dank aan die Hemelse Vader sonder wie die navorsing nie moontlik sou kon gewees het nie.*

**My opregte dank aan almal wat op die een of ander wyse bygedra het tot die voltooiing van hierdie artikels.**

**Spesiale dank aan die volgende mense:**

- My familie – vir finansiële en emosionele ondersteuning
- My vriend Frikkie - vir die ondersteuning en tyd opgeoffer
- Dr. Strydom – vir die ondersteuning, leiding en motivering
- Dr. Roux - vir die leiding en ondersteuning
- PUK – vir finansiële ondersteuning
- Aan die boere wat hul plaaswerkers vir die navorsing beskikbaar gestel het
- Mev. C. van der Walt – vir die taalversorging van die artikels

## **Opsomming**

### **Riglyne vir 'n MIV/VIGS-groepwerk-voorkomingsprogram vir die Plaaswerkgemeenskap**

**Sleutelterme:** groepwerk, MIV, plaaswerkgemeenskap, program, VIGS, voorkoming.

MIV/VIGS is wêreldwyd hoofsaaklik 'n gesondheidsvraagstuk wat gepaard gaan met maatskaplike en ekonomiese implikasies en beskou word as 'n pandemie wat Suid-Afrika nadelig raak. Die landbouwerksmag, spesifiek die plaaswerkgemeenskap, word ook nadelig geraak daardeur. Min navorsingsverslae is egter beskikbaar oor dié vraagstuk ten opsigte van hierdie deel van die bevolking.

Op grond hiervan het die navorser ondersoek ingestel na die kennisvlak en houdings van die plaaswerkgemeenskap ten opsigte van MIV/VIGS. Tydens die ondersoek is vasgestel dat 'n gebrek aan kennis, asook wanpersepsies ten opsigte van die MI-virus onder die plaaswerkgemeenskap heers.

'n Behoeftebepaling is gedoen om vas te stel watter inligting die plaaswerkers verlang en of hulle gewillig sou wees om groepbyeenkomste by te woon. Die plaaswerkers was aanvanklik onbekend met die term "groepwerk", maar na verduideliking is daar vasgestel dat die plaaswerkers wel 'n behoefte het aan 'n groepwerkprogram. 'n Voorkomingsprogram is opgestel ooreenkomstig die behoeftes van die plaaswerkers, wat insluit dat inligting ten opsigte van MIV/VIGS aan hulle oorgedra word en dat hulle lewensvaardighede aanleer. Daar is gepoog om die program kultuur-sensitief saam te stel sodat inligting die plaaswerkers op hul funksioneringsvlak kon bereik.

Die ondersoek het ten doel gehad:

- Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die houdings,

oortuigings en kennisvlak van swart plaaswerkers ten opsigte van MIV/VIGS te bepaal; en

- Om 'n MIV/VIGS-groepwerk-voorkomingsprogram aan die hand van 'n literatuurstudie en empiriese navorsing saam te stel.

Samevattende kan gestel word dat die navorsing bewys het dat 'n gebrek aan kennis ten opsigte van die virus onder die plaaswerkersgemeenskap voorkom en dat dit nodig is om hul houdings te verander.

Groepwerk as metode (metodiek) van maatskaplike werk, kan met groot sukses benut word om positiewe veranderinge ten opsigte van MIV/VIGS in hierdie sektor te bewerkstellig.

## **Summary**

### **Guidelines for an HIV/AIDS group work prevention programme for the farm worker community**

**Key terms:** group work, HIV, farm worker community, programme, AIDS, prevention.

HIV/AIDS mainly is a health problem, which is accompanied by social and economic implications worldwide and is seen as a pandemic that negatively affects South Africa. The agricultural labour force, specifically the farm worker community, is also negatively affected by it. However, few research reports are available pertaining to this problem in this section of the population

Based on the above, the researcher investigated the attitudes and level of knowledge of the farm worker community with regard to HIV/AIDS. During the investigation it was established that knowledge was lacking and a misperception regarding the HI virus prevailed in the farm worker community.

A needs assessment was executed in order to establish what information the farm workers wish to receive and whether they would be willing to attend group assemblies. Initially, the farm workers were not familiar with the term 'group work', but once it was explained to them it was established that the farm workers did indeed feel a need for a group work programme. A prevention programme was compiled in accordance with the needs of the farm workers, which included giving information on HIV/AIDS as well as teaching them life skills. An attempt was made to compile the programme in a culture sensitive manner so that information could reach the farm workers at their level of functioning.

The aim of the investigation was:

- To establish the attitudes, convictions and level of knowledge of black farm
-

workers with regard to HIV/AIDS by means of a literature study and empirical investigation; and

- To compile an HIV/AIDS group work prevention programme based on a literature study and empirical research.

In conclusion, it can be said that the research has proved that knowledge pertaining to the virus is lacking among the farm worker community and that it is essential to change their attitudes.

Group work, as a method of social work, can be utilised with remarkable success to bring about positive changes regarding HIV/AIDS in this sector.

## INHOUDSOPGAWE

### RIGLYNE VIR 'N MIV/VIGS-GROEPWERK-VOORKOMINGSPROGRAM VIR DIE PLAASWERKERGEMEENSKAP

AFDELING A .....	1
INLEIDING .....	1
1. PROBLEEMSTELLING .....	1
2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP .....	3
3. DOELSTELLING VAN DIE NAVORSING .....	3
3.1 DIE DOELSTELLING VAN DIE STUDIE WAS DIE VOLGENDE .....	3
3.2 DIE DOELWITTE VAN DIE STUDIE WAS DIE VOLGENDE .....	3
4. SENTRALE TEORETIESE STELLING .....	4
5. DEMOGRAFIESE INLICHTING TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERSOEKGEBIED ..	4
6. DUUR VAN ONDERSOEK .....	4
7. NAVORSINGSMETODOLOGIE .....	4
7.1 LITERATUURSTUDIE .....	4
7.2 EMPIRIESE STUDIE .....	5
8. AANDUIDING VAN SLEUTELTERMES .....	8
9. UITEENSETTING VAN DIE VERSLAG .....	9
10. BIBLIOGRAFIE .....	11
AFDELING B .....	13
ARTIKEL 1 .....	13
DIE HOUDINGS EN KENNIS VAN DIE PLAASWERKERGEMEENSKAP TEN OPSIGTE VAN MIV/VIGS .....	13
1. INLEIDING .....	13
2. PROBLEEMSTELLING .....	13
3. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE .....	14
4. SENTRALE TEORETIESE STELLING .....	15
5. NAVORSINGSMETODOLOGIE .....	15
5.1 LITERATUURSTUDIE .....	15
5.2 EMPIRIESE STUDIE .....	15
6. RESULTATE .....	17
6.1 PROFIEL VAN DIE RESPONDENTE .....	17
6.1.1 <i>Huistaal</i> .....	17
6.1.2 <i>Grootte van huishoudings</i> .....	18
6.1.3 <i>Huwelikstaat</i> .....	19
6.1.4 <i>Kerkbywoning</i> .....	19
6.1.5 <i>Inkomste van die plaaswerker</i> .....	19

6.1.6.	<i>Geletterdheid</i> .....	21
6.2	<b>KENNIS OOR DIE SIEKTE</b> .....	21
6.2.1	<i>Beskrywing van die term MIV/VIGS</i> .....	21
6.2.2	<i>Respondente se mening oor die toename in MIV/VIGS</i> .....	22
6.2.3	<i>Respondente se mening oor die omvang van MIV/VIGS op plase teenoor stedelike gebiede</i> .....	23
6.2.4	<i>Die ontstaan van MIV/VIGS</i> .....	23
6.2.5	<i>Wyses van oordrag</i> .....	23
6.2.6	<i>Kondoom-gebruik</i> .....	25
6.2.7	<i>Infektering deur MIV/VIGS ten opsigte van geslag</i> .....	26
6.2.8	<i>Die toets vir MIV/VIGS</i> .....	26
6.2.9	<i>Die mening van respondente daaroor of geïnfecteerde persone van MIV/VIGS kan herstel</i> .....	26
6.2.10	<i>Respondente se mening oor hul kennis:</i> .....	27
6.3	<b>HOUDINGS EN OORTUIGINGS</b> .....	27
7.	<b>BESPREKING</b> .....	30
8.	<b>GEVOLGTREKKINGS</b> .....	31
9.	<b>AANBEVELINGS</b> .....	32
10.	<b>BIBLIOGRAFIE</b> .....	34
	<b>AFDELING C</b> .....	37
	<b>ARTIKEL 2</b> .....	37
	<b>RIGLYNE VIR 'N MIV/VIGS-GROEPWERK-VOORKOMINGSPROGRAM</b> .....	37
	<b>OPSOMMING</b> .....	37
1.	<b>INLEIDING</b> .....	37
2.	<b>PROBLEEMSTELLING</b> .....	37
3.	<b>DOELSTELLING EN DOELWITTE</b> .....	39
4.	<b>SENTRAAL TEORETIESE STELLING</b> .....	39
5.	<b>NAVORSINGSMETODOLOGIE</b> .....	39
5.1	<b>LITERATUURSTUDIE</b> .....	39
5.2	<b>EMPIRIESE STUDIE</b> .....	40
6.	<b>GROEPWERK</b> .....	41
6.1	<b>DIE BEGINSELS VAN GROEPWERK</b> .....	41
6.2	<b>SOORT GROEP</b> .....	43
6.3	<b>ADMINISTRATIEWE-ASPEKTE</b> .....	43
6.3.1	<i>Samestelling van die groep</i> .....	44
6.3.2	<i>Werwing en voorbereiding van lede</i> .....	44
6.3.3	<i>Grootte van die groep</i> .....	45
6.3.4	<i>Aantal en duur van groepbyeenkomste</i> .....	45
6.3.5	<i>Duur van byeenkomste</i> .....	46
6.3.6	<i>Gereeldheid van byeenkomste</i> .....	46
6.3.7	<i>Plek van byeenkoms</i> .....	46
6.3.8	<i>Formulering van doelstellings</i> .....	47
6.3.9	<i>Kontraktering</i> .....	47

<b>7. SAMESTELLING VAN DIE PROGRAM</b> .....	47
7.1 VEREISTES VAN PROGRAMAKTIWITEITE.....	47
7.1.1 <i>Die programmedia moet aan die volgende vereistes voldoen</i> .....	48
7.2 DIE WAARDE VAN PROGRAMAKTIWITEITE.....	49
7.3 KULTUURASPEKTE WAT IN AG GENEEM MOET WORD TYDENS DIE ONTWERP VAN 'N PROGRAM .....	50
7.4 RESPONDENTE SE MENINGS OOR DIE GROEPWERKPROGRAM .....	51
<b>8. RIGLYNE VIR 'N GROEPWERK-VOORKOMINGSPROGRAM</b> .....	52
8.1 DIE DOEL VAN DIE PROGRAM .....	52
8.2 VOORGESTELDE PROGRAM .....	53
8.3 UITEENSETTING VAN VOORGESTELDE PROGRAM .....	55
8.3.1 <i>Eerste byeenkoms: Oriëntering</i> .....	55
8.3.2 <i>Tweede sessie: Selfkennis</i> .....	56
8.3.3 <i>Derde byeenkoms: Kommunikasie en onderhandeling</i> .....	57
8.3.4 <i>Vierde en Vyfde byeenkoms: Ouerskapvaardighede</i> .....	57
8.3.5 <i>Sesde byeenkoms: Verhouding met my eggenoot</i> .....	58
8.3.6 <i>Sewende byeenkoms: Effektiewe geldbesteding</i> .....	59
8.3.7 <i>Agste byeenkoms: Seksuele aangeleenthede</i> .....	60
8.3.8 <i>Negende byeenkoms: My regte</i> .....	60
8.3.9 <i>Tiende byeenkoms: Wat is MIV/VIGS en hoe word dit oorgedra?</i> .....	61
8.3.10 <i>Elfde byeenkoms: Die fases van MIV/VIGS en die versorging van die VIGS-     pasiënt</i> .....	62
8.3.11 <i>Twaalfde byeenkoms: Die versorging van die VIGS-pasiënt</i> .....	62
8.3.12 <i>Dertiende byeenkoms: Hoe lig ek my kind oor seksuele aangeleenthede in?</i> .....	63
8.3.13 <i>Veertiende byeenkoms: Terminering</i> .....	63
<b>9. GEVOLGTREKKING</b> .....	64
<b>10. AANBEVELINGS</b> .....	64
<b>11. BIBLIOGRAFIE</b> .....	65
<b>AFDELING D</b> .....	69
<b>SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS</b> .....	69
<b>1. INLEIDING</b> .....	69
<b>2. SAMEVATTING</b> .....	69
<b>3. GEVOLGTREKKINGS</b> .....	69
<b>4. AANBEVELINGS</b> .....	71
<b>5. SLOTOPMERKING</b> .....	72
<b>VERWYSINGS</b>	
<b>TABELLE</b>	
TABEL 1: HUISTAAL .....	17
TABEL 2: GROOTTE VAN DIE HUISHOUDINGS .....	18
TABEL 3: INKOMSTE VAN DIE PLAASWERKER.....	19
TABEL 4: GELETTERDHEIDSVLAK .....	21
TABEL 5: WYSES VAN OORDRAG .....	24
TABEL 6: HOUDINGS EN OORTUIGINGS .....	27

TABEL 7: ONDERWERPE VIR BESPREKING .....	52
TABEL 8: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VOORGESTELDE PROGRAM .....	53

## **ADDENDUMS**

ADDENDUM A: KONTRAKTERING.....	73
ADDENDUM B: VRAELYS.....	74
ADDENDUM C: BRIEF.....	82

## **AFDELING A**

### **INLEIDING**

#### **1. PROBLEEMSTELLING**

Die VIGS-pandemie in Suid-Afrika word as “uniek” beskou (Fassin, 2003). Meer as 50% nuwe aanmeldings van MIV/VIGS is in Suid-Afrika aangeteken (Winter *et al.*, 1998). Ongeveer 6 miljoen Suid-Afrikaners, van wie 26% volwassenes is, sal binne die volgende ses jaar MIV-positief wees, teenoor 1% in 1990 (Pelser, 2004:14). Volgens Unaid (2005) eis die pandemie sy tol in talle mense lewens. Sterftes onder die ouderdomsgroepe tussen 25-44 het verdubbeld van 1997 tot 2002 as gevolg van VIGS. Met die geskatte getal in mid-2004 van oor die 5 miljoen geïnfekteerde mense is dit duidelik dat Suid-Afrika een van die lande is wat grootliks deur die epidemie getref word (Jhonson & Budlender, 2004)

Luidens ‘n verslag van die Verenigde Nasies se voedsel- en landbou-organisasie (VLO) kan meer as 16 miljoen mense in die landbou-werksmag in Afrika binne die volgende sestien jaar weens MIV/VIGS sterf. Sowat 7 miljoen landbou-werkers-kleinboere en werkers is sedert 1985 weens MIV/VIGS dood (Louw, 2004:14).

Volgens Rounds (soos aangehaal deur Wessels, 2003:138) het die geografiese ligging van landelike bewoners ‘n uitwerking op die sorg van MIV-persone en beperk dit hul toegang tot sosiale en mediese dienste. Dit is noodsaaklik dat groepwerkprogramme ontwerp moet word om die nodige inligting en opvoeding ten opsigte van MIV/VIGS aan die plaaswerker te verstrek, aangesien die plaasgemeenskap geïsoleer is en die plaaswerker beperkte toegang tot inligting en dienste het. Deur middel van die programme kan die verspreiding van die MIV-virus by plaaswerkers voorkom word en kan plaaswerkers bemagtig word om geïnfekteerde persone te versorg. Roux (2002:302) bevestig laasgenoemde feit met die volgende opmerking: “Uit die navorsing is bevind dat buiten gevalle en gemeenskapwerk, groepwerk as metode by uitstek geskik is om hulpverlening aan MIV/VIGS-pasiënte te bied.”

Opvoeding lê voorkoming van VIGS ten grondslag. Vroue maak 'n groot deel van die teikengroep uit. Om hierdie rede moet programme veral aandag skenk aan die vrou wat in die reproduksie-ouderdomsgroep val. Die opvoedkundige boodskap moet as deel van 'n lewensvaardigheidsprogram deurgegee word (Min, 2004:8).

Programme wat struikelblokke sal oorkom, moet ontwerp word sodat die lewensgehalte van geïnfekteerde persone wat in plattelandse gebiede woon, verbeter kan word. Die taak van organisasies wat voorkomingsintervensies toepas, word op verskeie wyses bemoeilik. Die inligting wat in die projekte vervat is, kan uiteraard nie konkreet (visueel) uitgebeeld word nie, gevolglik dink mense dat MIV geen bedreiging vir hul gemeenskap inhou nie en is hulle onbewus van talle probleme wat MIV-geïnfekteerde persone in landelike gebiede ervaar (Heckman, 1998:2).

Volgens Du Bois en Miley (2002:26) moet mense bemagtig word sodat hulle ingelig kan wees ten opsigte van watter keuses en geleenthede hulle het om sodoende hul optrede ooreenkomstig hierdie geleenthede te kan rig. Bemagtiging behels dat mense bewus gemaak word van hul hulpbronne. Bemagtiging in groepe bring verandering mee omdat mense in staat gestel word om verandering in hul eie lewens en persepsies te bewerkstellig. Ook stel dit die groep in staat om in hul omgewing op te tree en 'n verandering in die struktuur van die samelewing teweeg te bring.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat 'n behoefte bestaan aan die bewusmaking van plaaswerkers met betrekking tot MIV/VIGS. Daar moet dus nie net op die voorkoming van VIGS gefokus word nie, maar ook op die aanleer van basiese lewensvaardighede en op die bemagtiging van die mense. Groepe waaraan ook die ouers deelneem, is ideaal, want hulle kan deel in ervarings en situasies. In groepe is daar ook minder individuele blootstelling, en groeplede sal in groepverband openliker oor sensitiewe onderwerpe soos seks praat.

Uit die voorafgaande is die volgende vrae geformuleer:

- Wat is die houdings, oortuigings en kennisvlak onder die swart plaaswerkers ten opsigte van MIV/VIGS vanuit hul sosio-kulturele agtergrond?

- Watter aspekte moet by 'n MIV/VIGS-groepwerk-voorkomingsprogram vir die plaaswerker ingesluit word?

## **2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP**

Die keuse van navorsing het ontwikkel uit die gereelde kontak wat die navorser met die plaaswerker het, aangesien die navorser op 'n plaas woon. Die navorser het ook groot belangstelling in die persepsies van die plaaswerkers oor sekere onderwerpe vanweë die verskille in kulturele agtergronde.

Uit die bestudering van literatuur het die navorser ook tot die gevolgtrekking gekom dat 'n toename in die verspreiding van MIV/VIGS in landelike gebiede voorkom. Een van die redes hiervoor is gebrekkige infrastruktuur wat lei tot wanpersepsies en gebrekkige kennis ten opsigte van MIV/VIGS.

Min programme bestaan vir die plaaswerkergemeenskap ter voorkoming van MIV/VIGS. Die onderwerp kan vir die plaaswerkergemeenskap baie kompleks wees omdat hul kultuur 'n groot rol speel in die oordra van inligting. Die navorser is oortuig daarvan dat groepwerk die aangewese metode is om inligting doeltreffend oor te dra. Lewensvaardighede moet dus by die program ingesluit word.

## **3. DOELSTELLING VAN DIE NAVORSING**

### **3.1 DIE DOELSTELLING VAN DIE STUDIE WAS DIE VOLGENDE**

- Om riglyne vir 'n MIV/VIGS groepwerk-voorkomingsprogram vir die plaaswerker saam te stel.

### **3.2 DIE DOELWITTE VAN DIE STUDIE WAS DIE VOLGENDE**

- om aan die hand van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die houdings, oortuigings en kennisvlak van swart plaaswerkers ten opsigte van MIV/VIGS vas te stel
- om riglyne vir 'n MIV/VIGS-groepwerk-voorkomingsprogram aan die hand van 'n literatuurstudie en empiriese studie saam te stel.

#### **4. SENTRALE TEORETIESE STELLING**

'n Groepwerk-voorkomingsprogram kan die kennisvlak en houdings van die plaaswerkgemeenskap ten opsigte van MIV/VIGS verbeter en verander .

#### **5. DEMOGRAFIESE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERSOEKGEBIED**

Verskeie plase uit die Kroonstad-Bothaville-distrik is by die ondersoek betrek.

Volwassenes uit die verskeie plaaswerksgemeenskappe tussen die ouderdomme 21 en 60 jaar is by die ondersoek betrek.

#### **6. DUUR VAN ONDERSOEK**

Gedurende September 2004 het die navorser begin om literatuur in te samel. Tydens Mei 2005 is 'n behoeftebepaling deur middel van 'n vraelys uitgevoer. Gedurende Junie 2005 tot Oktober 2005 is 'n program op grond van die behoeftebepaling saamgestel. Die program is volgens riglyne uit ander programme saamgestel en by die behoeftes van die plaaswerkgemeenskap aangepas.

#### **7. NAVORSINGSMETODOLOGIE**

##### **7.1 LITERATUURSTUDIE**

Verskeie databasisse van die Ferdinand Postma Biblioteek is vir die ondersoek gebruik. Die databasisse Ebscohost, Internet en Reboot van SA Joernale is benut. Verskeie boeke en vaktydskrifte is ook bestudeer. Heelwat data is beskikbaar oor MIV/VIGS, maar inligting spesifiek oor die plaasgemeenskap en groepwerkprogramme is beperk.

Spesifieke aspekte wat ondersoek is, is:

- die verspreiding van MIV/VIGS in landelike gebiede;
- die invloed van kultuur op die verspreiding van MIV/VIGS;
- intervensiemetodes wat gebruik word ter voorkoming van MIV/VIGS;
- die doeltreffendheid van groepwerk as metode vir die voorkoming van MIV/VIGS;

- bestaande programme ter voorkoming van MIV/VIGS

## 7.2 EMPIRIESE STUDIE

- **Navorsingsontwerp**

Daar is van die intervensie-navorsingsmodel gebruik gemaak. Strydom (2003:144) omskryf intervensie navorsing as volg: "Navorsing wat gerig is op die daarstelling van sistematiese prosedures vir die ontwerp, toetsing, evaluering en verfyning van tegnieke en instrumente met die oog op intervensie ingryping in maatskaplike probleme in gemeenskappe en groepe". Intervensienavorsing het ten doel om moontlike oplossings vir praktiese probleme te verskaf om duidelikheid te verkry oor die bepaalde probleem ( De Vos et al., 2005:394; Strydom & Van Heerden, 2004: 343-345). In hierdie geval is die probleem die onkunde en negatiewe houdings van die plaaswerkersgemeenskap ten opsigte van MIV/VIGS. Die navorser het 'n MIV/VIGS-voorkomingsprogram ontwikkel met die doel om die probleem van onkunde en negatiewe houdings aan te spreek. Die ontwerp is hoofsaaklik die verkennende ontwerp. Volgens Strydom (2003:77) en Grinnell en Williams (1990:150) word die ontwerp gebruik as 'n bekende onderwerp voorkom waarvoor min inligting bestaan. In hierdie geval is min inligting beskikbaar oor die invloed van MIV/VIGS op die plaasgemeenskap asook oor MIV/VIGS-voorkomingsprogramme vir plaaswerkers.

Intervensie navorsing vind in 'n ses-fase model, elk met operasionele stappe wat uitgevoer moet word ten einde die proses te volvoer (Strydom, 2003:141). Die ses fases is soos volg: Probleemanalise en projekbeplanning, datainsameling en sintese, ontwerp, voorlopige ontwikkeling en die vooronderzoek, evaluering en gevorderde ontwikkeling, disseminasie. Vir die doel van die onderhawige ondersoek sal slegs die volgende stappe gevolg word:

- probleem-analise (die opname)
  - projekbeplanning (ontwikkeling van riglyne)
  - die insameling van data en sintese (Bestudering van soortgelyke navorsing)
- **Respondente**

Die respondente was 100 swart volwasse plaaswerkers in die Kroonstad-Bothaville-distrik. Hierdie getal word as verteenwoordigend van die plaaswerkersgemeenskap in die Kroonstad-Bothaville-distrik beskou. Die resultate kan nie veralgemeen word na al die plaaswerkers in Suid-Afrika nie. Respondente van beide geslagte tussen die ouderdomme 21 en 60 jaar is geselekteer. Tien huise op elk van die vyf plase waarvan die plaaswerkers bereid was om deel te neem is by die navorsing betrek. Tydens die ondersoek is daar van die toevallige steekproef gebruik gemaak (De Vos et al., 2005:202 & Grinell, 1993:162). By hierdie tipe steekproef is die proefpersone meestal diegene wat die naaste en die beskikbaarste is.

- **Opnameprosedure**

Volgens Neuman (2000:30) kan data-insameling in twee kategorieë verdeel word, naamlik kwalitatiewe en kwantitatiewe data. Die navorser het self 'n skedule opgestel en die vraelys het kwalitatiewe en kwantitatiewe vrae bevat. Bryman (1995:137) is van mening dat kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting gekombineer kan word as daar 'n leemte in die navorser se kennis oor 'n gemeenskap, groep, organisasie of wat ook al van belang mag wees, voorkom, en die waarneming van respondente of ongestruktureerde onderhoude nie die leemte kan vul nie.

- **Program**

'n Program is volgens die riglyne van ander MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsprogramme saamgestel.

Die fokus van die program was om MIV/VIGS onder die plaaswerkersgemeenskap te voorkom deur hulle met sekere lewensvaardighede toe te rus en inligting ten opsigte van MIV/VIGS aan hulle oor te dra.

- **Meetinstrument**

Die navorser het 'n vraelys saamgestel deur ander vraelyste te bestudeer (Roux, 2002:54; Strydom 2002:395). 'n Opgeleide tolk is gebruik om die skedules te vertolk sodat betroubare en geldige inligting verkry kon word.

- **Data-ontleding**

Data is aan die hand van 'n selfopgestelde skedule ingesamel. Die data is kwalitatief en kwantitatief van aard. Die Statistiese Konsultasiedienste op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit het die data verwerk.

- **Etiese aspekte**

Die navorser het 'n morele en professionele verpligting om eties op te tree, selfs al is die navorsingssubjekte onbewus daarvan of nie begaan oor die aspekte nie (Neuman, 2000:116).

Om te verseker dat die etiese vereistes tydens die ondersoek nagekom is, is toestemming eers van die boer en die plaaswerker verkry. Akkurate en volledige inligting en ook prosedures wat in verband met die ondersoek gevolg is, is aan die plaaswerker verskaf. Die invul van die vraelys was anoniem en het die individue se privaatheid beskerm. Aan die einde van die invul van die vraelys is respondente die geleentheid gegun om vrae te stel of om te ontlaai. Vrywillige deelname is aangemoedig. Inligting is as vertroulik hanteer.

'n Navorser se persoonlike gedragsreëls is die beste verweer teen onetiese optrede. Etiese navorsing hang grootliks af van die integriteit van die individuele navorser en ook van sy waardes (Neuman, 2000:90).

Die projek is deur die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) op 21 April 2005 goedgekeur. Die verwysingsnommer is **05K07**.

- **Beperkings en leemtes van die ondersoek**

Volgens Grinnell (1993:341) moet leemtes wat in navorsingsprojekte ontstaan, uitgewys word.

- Taal was een van die grootste beperkings. 'n Opgeleide tolk moes die antwoorde op die vrae in Afrikaans vertaal, wat kon meebring het dat sekere inligting verlore kon gegaan het.

- Kommunikasie is ook bemoeilik omdat baie van die woorde in Afrikaans nie in die Sotho woordeskat bestaan nie, byvoorbeeld ‘immuunstelsel’.
- Die betrokke gemeenskappe wat betrek is, is nie verteenwoordigend van alle plaaswerkersgemeenskappe in die Vrystaat Provinsie nie en veral ook nie van Suid-Afrika in die geheel nie.

## 8. AANDUIDING VAN SLEUTELTERMES

- **Voorkoming:** Dit is die proaktiewe proses wat daarop gemik is om die impak van toestande wat aanleiding kan gee tot maatskaplike wanfunksionering te verminder en te elimineer (Nuwe Woordeboek van Maatskaplike Werk, 1995); dus om individue en groepe te bemagtig om veranderinge en ook uitdagings wat lewensgebeurtenisse stel te kan hanteer. Dit skep ook geleenthede en moedig situasies aan wat gesonde leefstyl en gedrag bevorder (Wordiq, 2004).
- **MIV** of menslike Immuniteitsgebreekvirus. Volgens Van der Walt (1990:298) beskryf dit ‘n siektetoestand wat die gevolg is van omgewingsfaktore wat impliseer “... dat die verworwe probleem die immuun- of verdedigingsstelsel betrek deurdat hierdie stelsel gebrekkig raak om die liggaam te beskerm.”.
- **VIGS** of verworwe immuniteitsgebreeksindroom is ‘n komplekse siektebeeld wat die gevolg is van ‘n aanvanklike infeksie deur ‘n virus wat bekend staan as MIV (Visagie, 1999:1). MIV veroorsaak dus die aftakeling van die immuunstelsel wat bepaalde siektetoestande in ‘n persoon tot gevolg het en wat daarna tot VIGS lei (Roux, 2002:19).
- **Plaaswerkersgemeenskap:** Dit dui op die kollektiewe naam van plaaswerkers wat op plase woon en daar gevestig is weens hul werk op plase.
- **Groepwerk:** Toseland en Rivas (1998:12) omskryf groepwerk soos volg:

“Goal-directed activity with small treatment- and task groups aimed at meeting socio-emotional needs and accomplishing tasks. This activity is directed to individual members of a group and to the group as a whole within a system of service delivery.”

Du Preez (1986:111-112) is van mening dat daar tussen groepwerk en maatskaplike groepwerk onderskei moet word. Maatskaplike groepwerk is ‘n metode van maatskaplike werk waardeur ‘n opgeleide maatskaplike werker op ‘n professionele wyse aan die individu in groepverband hulp verleen deur die groepwerkprogram, onderlinge verhoudings en programmedia op ‘n doelgerigte, bedrewe wyse te hanteer en aan te wend.

- **Program:** ‘n Reeks stappe wat uitgevoer moet word of doelstellings wat bereik moet word. ‘n Reeks gestruktureerde aktiwiteite (Wordiq, 2004).

Die Nuwe Woordeboek van Maatskaplike Werk (1995:49) definieer programbeplanning as ‘n proses waardeur die groep en die maatskaplike werker gesamentlik op ‘n sistematiese patroon van aktiwiteite bepaal om groepdoelstellings te verwesenlik.

## **9. UITEENSETTING VAN DIE VERSLAG**

### **Afdeling A**

Hierin word die beginsels waarop die studie onderneem is, omvat, wat insluit die probleemstelling, motivering vir keuse van onderwerp, sentrale teoretiese stelling, doelstellings van die ondersoek, navorsingsmetodologie, beperkings en leemtes van die ondersoek, definisies van terme wat gebruik word sowel as die prosedure wat gevolg word.

### **Afdeling B**

#### **Artikel 1**

Hierdie afdeling is op literatuurstudie en empiriese navorsing oor die houdings en kennis van die plaaswerkersgemeenskap ten opsigte van MIV/VIGS gebaseer. Die profiel van die respondente,

kennis oor MIV/VIGS en oortuigings ten opsigte van MIV/VIGS is ondersoek. Sekere gevolgtrekkings is gemaak en aanbevelings gedoen.

### **Afdeling C**

#### **Artikel 2**

Die afdeling is op 'n literatuurstudie gebaseer. Bestaande programme en literatuur is bestudeer as 'n grondslag waarop die program saamgestel is. Die navorser gee hier riglyne vir die beplanning, strukturering en implementering van 'n groepwerkprogram vir die plaaswerkgemeenskap ter voorkoming van MIV/VIGS.

### **Afdeling D**

Hierdie afdeling bevat 'n samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

## 10. BIBLIOGRAFIE

- BRYMAN, A. 1995. *Quantity and Quality in Social Research*. New York : Routhledge. 198 p.
- DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHE, C.B & DELPORT, C.S.L. 2005. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. Pretoria:Van Schaiks.
- DU BOIS, B. & MILEY. K.K. 2002. *Social Work : An empowering profession*. Boston : Allyn and Bacon. 523 p.
- DU PREEZ, M.S.E. 1986. *Maatskaplike Groepwerk: teorie en praktyk*. Johannesburg : Keartland Press.
- FASSIN, D. 2003. The embodiment of inequality: AIDS as a social condition and the historical experience in South Africa. *EMBO Reports*, 4 June:S4-S9.
- GRINNELL, R.M. 1993. *Social work research and evaluation*. Itasca : Peacock publishers.
- GRINNELL, R.M. & WILLIAMS, M. 1990. *Research in social work: a primer*. TTASCA: F.E. Peacock Publishers.
- HECKMAN, T.G. 1998. Barriers to care among persons living with HIV/AIDS in urban and rural areas. *Aids Care*, 10(3):11, Jun. [In EBSCOHost : Academic Search, Full display : <http://www-sa.ebsco.com>] [Datum van gebruik : 24 Julie 2004].
- LOUW, M. 2004. MIV/VIGS lê landbou in Afrika lam, sê verslag. *Beeld*:14, Mrt. 12.
- MIN, T. 2004. HIV/AIDS education and prevention in Myanmar. *Aids Education and Prevention*, 16(1):170 (8 p.), Jun. [In EBSCOHost : Academic Search, Full display : <http://www-sa.ebsco.com>.] [Datum van gebruik : 14 Januarie 2005].
- NEUMAN, W.L. 2000. *Social Research methods: Qualitative and quantitative approaches*. London : Allyn and Bacon. 558 p.
- NUWE WOORDEBOEK VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Kaapstad: CTP Book Printers.
- ROUNDS, K.A., GALINSKY, M.J. & STEVENS, L.S. 1991. Linking people with AIDS in rural communities: The telephone group. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 36(1):13. Jan. [In EBSCOHost : Academic Search, Full display : <http://www-sa.ebsco.com>] [Datum van gebruik : 15 Januarie 2005].
- ROUX, A.A. 2002. *Evaluering van 'n groepwerk-hulpverleningsprogram met MIV-positief/VIGS-pasiënte*. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Verhandeling - D.Phil.) 356 p.

- STRYDOM, C. 2002. Evaluation of an HIV/AIDS program for students at a tertiary institution with emphasis on peer group involvement. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Verhandeling - D.Phil.) 421 p.
- STRYDOM, M. & VAN HEERDEN, L. 2004. Die kennis en behoeftes van die vroeë swart adoloesent ten opsigte van lewensvaardighede. *The social work practioner – researcher / Die maatskaplike werk navorsers – praktisyn*, 16(3): 341-363p.
- STRYDOM, H. 2003. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom : PU vir CHO. 268p. (Studiegids D18/2003).
- TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 1998. An introduction to group work practice. London : Allyn and Bacon.
- VAN DER WALT, M. 1990. Die immunologie van HIV. *Koers*, 55(3):317-328.
- UNAIDS. 2005. Report on the global HIV/AIDS epidemic. Switserland: Unaid.
- VISAGIE, C.J. 1999. The complete story of HIV/AIDS: a practical guide for the ordinary sexually active person. Pretoria : Van Schaik.
- WESSELS, C.C. 2003. Die opstel en evaluering van 'n maatskaplike-bemagtigingsprogram vir gesinne van MIV-positiewe/VIGS-pasiënte. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – D.Phil.)
- WORDIQ. 2004. Dictionary. (Web: [www.wordiq.com](http://www.wordiq.com).) (Datum van gebruik: 05/09/05).

## **AFDELING B**

### **ARTIKEL 1**

#### **DIE HOUDINGS EN KENNIS VAN DIE PLAASWERKERGEMEENSKAP TEN OPSIGTE VAN MIV/VIGS**

*L Nogueira, C Strydom en A A Roux (Skool vir Psigo-sosiale Gesondheidswetenskappe,  
Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit)*

##### **1. INLEIDING**

MIV/VIGS word as 'n pandemie beskou en die tendens is dat dit veral in landelike gebiede toeneem. Die vraag wat hier ontstaan, is of die plaaswerker oor toepaslike kennis van MIV/VIGS as siekte beskik en of die gemeenskap oor die nodige infrastruktuur beskik om hulle te bemagtig, met inagneming van hul kulturele en sosio-ekonomiese stand. Om 'n antwoord op die vraag te kan kry is navorsing gedoen om vas te stel wat die kennis en houdings van plaaswerkers ten opsigte van die virus is.

Volgens Human Sciences Research Council of South Africa (2003) is die verspreiding van MIV/VIGS in sekere gebiede soos volg: 21,3% mense wat in stedelike informele nedersettings woonagtig is, 12,1% in formele nedersettings, 58,7% in stamgebiede en 7,9% in plaasgebiede.

##### **2. PROBLEEMSTELLING**

Ongeveer 6 miljoen Suid-Afrikaners, van wie 26% volwassenes is, sal binne die volgende ses jaar MIV-positief wees, teenoor 0,1% in 1990 (Pelser, 2004:14). Meer as 16 miljoen mense in die landbou-werksmag in Afrika kan binne die volgende sestien jaar aan MIV/VIGS sterf. Luidens 'n verslag van die Verenigde Nasies se voedsel- en landbou-organisasie (VLO) is sowat 7 miljoen landbou-werkers-kleinboere en werkers sedert 1985 aan MIV/VIGS oorlede (Louw, 2004:14). MIV/VIGS is dus vir boere een van die grootste probleme (Pelser, 2004:5).

Die produktiwiteit van die landbou-arbeidsmag is die lewensbloed van ontwikkelende lande, spesifiek van Suid-Afrika. Voedselvoorsiening en ekonomiese groei is grootliks afhanklik van

die sukses van die landbousektor. In talle ontwikkelende lande verwoes die MIV/VIGS-epidemie kleinboere en benadeel dit voedselproduksie (Schram, 2004:15). Volgens dieselfde outeur verander die voedselsituasie van 'n surplus tot 'n skaarste, soms selfs tot 'n tekort.

'n Plaaswerker gemeenskap beskik nie noodwendig oor die nodige infrastruktuur om die epidemie van MIV/VIGS hok te slaan nie. Slegs 10% van die bevolking wat laasgenoemde benodig, het toegang tot die dienste en is dus onbewus van hul status (Furber *et al.*, 2004:3).

Negatiewe gevoelens heers ook ten opsigte van hulpverlening aan die geïnfekteerde en sy gesin. In 'n studie oor die houdings en voorkeure van gesinne op plase om professionele hulp met betrekking tot MIV/VIGS-aangeleenthede te vra, is vasgestel dat gevoelens soos verleentheid en vrees 'n integrale rol speel (Rounds *et al.*, 1991:6).

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die plaaswerker opgevoed moet word met betrekking tot die omvang van MIV/VIGS sodat negatiewe gevoelens oor hulpverlening en stigmatisering uit die weg geruim kan word. Die plaaswerkergemeenskap moet bewus gemaak word van hulpbronne en -dienste wat vir hulle beskikbaar is. Ryke (2004:54) sê die volgende in hierdie verband: "*Farm dwellers' contact outside the farm setting is very limited.*".

Uit die voorafgaande is die volgende vrae geformuleer:

- Wat is die houdings, oortuigings en kennisvlak onder die swart plaaswerkers ten opsigte van MIV/VIGS vanuit hul sosio-kulturele agtergrond?

### **3. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE**

Die doelstelling was soos volg:

- Om riglyne vir 'n MIV/VIGS groepwerk-voorkomingsprogram vir die plaaswerker saam te stel.

Die doelwit was as volg:

- om aan die hand van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die houdings, oortuigings

en kennisvlak van swart plaaswerkers ten opsigte van MIV/VIGS vas te stel

#### **4. SENTRALE TEORETIESE STELLING**

Kommer heers oor die plaaswerkgemeenskap se houdings, oortuigings en kennisvlak ten opsigte van MIV/VIGS.

#### **5. NAVORSINGSMETODOLOGIE**

Die metode wat gevolg is, is 'n literatuurstudie en empiriese studie.

##### **5.1 LITERATUURSTUDIE**

'n Literatuurstudie is gedoen oor die kennisvlak en houdings ten opsigte van MIV/VIGS. Heelwat data is beskikbaar oor MIV/VIGS, maar inligting spesifiek oor die plaaswerkgemeenskap is beperk. Die navorsing het gefokus op die ontwerp van 'n groepwerkprogram met die oog daarop om lewensvaardighede aan te leer en MIV/VIGS te voorkom. Min navorsingsgegevens is beskikbaar oor groepwerkprogramme met die plaaswerker. Verskeie databasisse van die Ferdinand Postma Biblioteek is vir die ondersoek gebruik. Die databasisse Ebscohost, Internet en Ferdikat is benut. Verskeie boeke en vaktydskrifte is ook bestudeer.

##### **5.2 EMPIRIESE STUDIE**

Intervensienavorsing is in die ondersoek gebruik. Intervensienavorsing word deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:31) omskryf as: " 'n navorsing wat gerig is op die daarstelling van sistematiese prosedures vir die ontwerp, toetsing, evaluering en verfyning van tegnieke en instrumente met die oog op intervensie in maatskaplike probleme in gemeenskappe en groepe."

Intervensie navorsing vind in 'n ses-fase model, elk met operasionele stappe wat uitgevoer moet word ten einde die proses te volvoer (Strydom, 2003:141). Die ses fases is soos volg: (Probleemanalise en projekbeplanning, data-insameling en sinese, ontwerp, voorlopige ontwikkeling en die vooronderzoek, evaluering en gevorderde ontwikkeling, disseminasie. Vir die doel van die onderhawige ondersoek sal slegs die volgende stappe gevolg word;

- Problem-analise (die opname)
- Projekbeplanning (ontwikkeling van riglyne)
- Die insameling van data en sintese (Bestudering van soortgelyke navorsing)

Daar is van die opnameprosedure gebruik gemaak om die kennisvlak en die houdings van plaaswerkers ten opsigte van MIV/VIGS vas te stel. Verwante veranderlikes soos inkomste, huwelikstaat en omstandighede in huishoudings is hierby ingesluit.

- **Die ontwerp**

Die navorsingsontwerp is hoofsaaklik verkennend. Volgens Strydom (2003:77) word hierdie ontwerp gebruik as 'n bekende onderwerp voorkom waarvoor min inligting bestaan.

Met die ondersoek is gepoog om inligting te bekom wat riglyne aan die navorser sal bied ten opsigte van die behoeftes, houdings en kennis van plaaswerkers rakende MIV/VIGS. Volgens Royse (1995:146) word hierna verwys as “behoeftebepaling”.

- **Respondente**

Die respondente was 100 swart volwasse plaaswerkers in die Kroonstad-Bothaville-distrik. Hierdie getal word as verteenwoordigend van die plaaswerkersgemeenskap in die Kroonstad-Bothaville-distrik beskou. Die resultate kan nie veralgemeen word na al die plaaswerkers in Suid-Afrika nie. Respondente van beide geslagte tussen die ouderdomme 21 en 60 jaar is geselekteer. Tien huise op elk van die vyf plase waarvan die plaaswerkers bereid was om deel te neem is by die navorsing betrek. Tydens die ondersoek is daar van die toevallige steekproef gebruik gemaak (De Vos et al., 2005:202 & Grinnell, 1993:162). By hierdie tipe steekproef is die proefpersone meestal diegene wat die naaste en die beskikbaarste is. Die navorser het 'n man en 'n vrou gebruik wat tydens die ondersoek beskikbaar was.

- **Meetinstrument**

'n Eenvoudige, selfgestelde skedule is tydens die ondersoek gebruik. Kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting is bekom aangaande die kennisvlak en houdings van plaaswerkers ten opsigte van MIV/VIGS. Behoeftes oor die verwerwing van kennis en die totstandkoming van 'n

hulpverleningsprogram in die verband, is ondersoek. 'n Opgeleide tolk is gebruik om die vraelys te vertolk.

- **Etiese aspekte**

Volgens De Vos *et al.* (2005:30) moet die hele navorsingsprojek eties korrek geskied. Die navorser moet kultuurverskille van gemeenskappe in al sy handelinge respekteer ten einde die samewerking van die gemeenskap te verseker.

Aandag is aan die volgende etiese aspekte geskenk:

- Ingeligte toestemming
- Skade aan die respondent en/of die eksperimentele subjekte
- Skending van privaatheid
- Vertroulikheid
- Vrywillige deelname

Op 21 April 2005 is die projek deur die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) goedgekeur. Die verwysingsnommer is **05K07**.

## **6. RESULTATE**

Die respondente was 100 volwasse plaaswerkers, van die plaasgemeenskappe in die Bothaville-Kroonstad-distrik. Vyftig (50) mans en 50 vroue tussen 21- en 60-jarige ouderdom is by die opname betrek.

### **6.1 PROFIEL VAN DIE RESPONDENTE**

#### **6.1.1. Huistaal**

**TABEL 1: HUISTAAL**

<b>Huistaal</b>	<b>N</b>	<b>%</b>
Suid-Sotho	94	94
Xhosa	2	2
Tswana	2	2

Zoeloe	1	1
Ndebele	1	1
<u>Totaal</u>	100	100

Uit die gegewens blyk dit dat 94 (94%) respondente Suid-Sotho-sprekend is, 2 (2%) Xhosa-sprekend, 2 (2%) Tswana-sprekend, 1 (1%) Zoeloe-sprekend en 1 (1%) Ndebele-sprekend. Die navorser was die resultaat te wagte, aangesien die Vrystaat Provinsie se inwoners merendeels Suid-Sotho-sprekend is.

### 6.1.2. Grootte van huishoudings

**TABEL 2: GROOTTE VAN DIE HUISHOUDINGS**

Aantal kinders	N	%
<b>Geen</b>	22	22
<b>Een</b>	21	21
<b>Twee</b>	18	18
<b>Drie</b>	18	18
<b>Vier</b>	7	7
<b>Vyf</b>	2	2
<b>Meer as vyf</b>	12	12
<b>Totaal</b>	100	100

Twee en twintig (22%) van die respondente het aangedui dat hulle geen kinders het nie. Een en twintig (21%) respondente het aangedui dat hulle een kind het en agtien (18%) het aangedui dat hulle twee kinders het. Agtien (18%) respondente het aangedui dat hulle drie kinders het en sewe (7%) respondente het aangedui dat hulle vier kinders het. Slegs twee (2%) het aangetoon dat hulle vyf kinders het en twaalf (12%) respondente dat hulle meer as vyf kinders het.

Dit is dus belangrik dat die kennis van die plaaswerker ten opsigte van MIV/VIGS moet uitbrei, anders kan die kinders van die plaaswerkers moontlik deel uitmaak van die getal weeskinders. Volgens Anon (soos aangehaal deur Wessels, 2003:80) was daar in Suid-Afrika in 2001 reeds

420 000 weeskinders as gevolg van VIGS, en in die jaar 2008 sal daar na raming 1,6 miljoen VIGS-weeskinders wees. Gedurende die volgende twintig jaar sal 'n toename in weeskinders steeds voorkom.

### 6.1.3. Huwelikstaat

Die huwelikstaat van hierdie plaaswerkers is soos volg:

- Respondente in die huwelik bevestig (32%)
- Respondente in saamblyverhoudings (55%)
- Respondente wat nie by 'n verhouding betrokke is nie (13%)

Poligamie (om meer as een vrou te hê) is ook 'n kulturele faktor wat 'n groot invloed het op die verspreiding van MIV/VIGS. Alhoewel baie lande deur die Europese sisteem wat monogamie aanmoedig, beïnvloed is, verkies die tradisionele Afrika-sisteem die poligame huwelik (Buseh *et al.*, 2001:120). Volgens Roux (2002:75) dui die groot getal saamblyverhoudings daarop dat die kans groot is dat respondente meer as een bedmaat sal hê, en dit lei tot die verspreiding van MIV/VIGS.

### 6.1.4. Kerkbywoning

Aan die respondente is slegs gevra of hulle kerk toe gaan, waarop 85% "ja" geantwoord het en 15% "nee". Die gemeenskap heg waarde aan godsdienste en dit dra by tot die goeie morele waardes van die gemeenskap. Laasgenoemde is 'n belangrike faktor in die voorkoming van MIV/VIGS.

### 6.1.5. Inkomste van die plaaswerker

Die inkomste van die plaaswerker word soos volg weergegee:

**TABEL 3: INKOMSTE VAN DIE PLAASWERKER**

Rand per maand	F	%
100 – 200	1	1%
201 – 300	2	2%
301 – 400	3	3%
401 – 500	12	12%

501 – 600	18	18%
601 – 700	17	17%
701 – 800	21	21%
801 – 900	6	6%
901 – 1 000	8	8%
1 000 – 1 200	8	8%
1 400 – 1 900	4	4%
<b>Totaal</b>	100	100%

Die inkomste van die plaaswerkers wissel dus tussen R120 en R1 900 per maand. Baie van die plaaswerkers werk slegs in die plant- en/of oesseisoen. Meer as 33 respondente verdien onder R600,00. Slegs 12 respondente verdien meer as 'n R1 000,00. Die gemiddelde inkomste van die plaaswerker is R690,00. Die inkomste van die plaaswerker is dus baie laag. Ryke (2004:48) beaam hierdie feit met die volgende opmerking: "Farm dwellers experience their income as inadequate to meet the demands of the high cost of living. Inadequate income was generally attributed to low wages of farm workers and underemployment of women." Volgens Strydom *et al.* (2005:71 ) word die arm deel van die bevolking beskryf as mense wat minder as R355 per maand per volwassene ontvang, terwyl ultra-armes minder as R194 per maand per volwassene ontvang. As die ouers nie daartoe in staat is om hul gesin finansiëel te onderhou nie, het dit tot gevolg dat die gesin se lewenstandaard sal daal. Dit gaan gepaard met 'n behuisings- en voedseltekort en hoë mediese koste, en saam bring dit afhanklikheid van ander mee (Strydom & Strydom, 2004:325). Armoede is die nadeligste faktor vir die mens se maatskaplike funksionering, want dit beperk die mens se keuse en steel letterlik die mens se lewe (Suppes & Welles, 1996:13).

Strydom (2002:248) is ook van mening dat armoede die grootste algemene faktor is wat aanleiding gee tot die oordrag van MIV. Mense wat ekonomies gedepriveer is, het beperkte toegang tot opvoeding, sosiale en mediese dienste en ander vorme van sosiale en finansiële ondersteuning.

### 6.1.6. Geletterdheid

Die geletterdheidsvlak van die plaaswerker is soos volg:

**TABEL 4: GELETTERDHEIDSVLAK**

Geletterdheidsvlak	Getal Respondente	Persentasie Respondente
Geen skoolopleiding nie	6	6%
Graad 2	2	2%
Graad 3	5	5%
Graad 4	6	6%
Graad 5	7	7%
Graad 6	10	10%
Graad 7	21	21%
Graad 8	14	14%
Graad 9	10	10%
Graad 10	15	15%
Graad 11	2	2%
Graad 12	2	2%

Slegs 2% van die respondente het Graad 11 en 2% het Graad 12 voltooi. Die lae geletterdheidsvlak van plaaswerkers asook die beperkte infrastruktuur moet dus in ag geneem word wanneer 'n program ontwerp word. Evian (2000: 21) bevestig dit met die volgende stelling: "Ongeletterdheid weerhou individue grootliks van toegang tot kennis aangaande MIV/VIGS."

## 6.2 KENNIS OOR DIE SIEKTE

### 6.2.1 Beskrywing van die term MIV/VIGS

Op die vraag waarby respondente moes verduidelik wat MIV/VIGS is, is die volgende verduidelikings gegee:

- is nie bewus van wat VIGS regtig is nie 65 (65%)
- beskryf MIV/VIGS as 'n siekte wat tydens seksuele omgang deur "vuil bloed" oorgedra word 16 (16%)
- is van mening dat MIV/VIGS die gevolg is van verskeie bedmaats 7 (7%)
- beskryf MIV/VIGS as 'n siekte wat mense doodmaak 5 (5%)
- verwys na MIV/VIGS as 'n siekte wat met fisiese simptome gepaard gaan, soos hoofpyn,

diarree en maagpyn 4 (4%)

- verduidelik MIV/VIGS as 'n siekte in die bloed 2 (2%)
- beskou MIV/VIGS as 'n straf van God aan mense wat losbandig leef 1 (1%)

Die plaaswerker se beskrywing van die term MIV/VIGS is onakkuraat. Die rede kan wees dat elementêre woorde soos kondoom, virus en immuunstelsel in talle van die Afrika-tale se woordeskatte nie bestaan nie (Berstein & Van Rooyen, 1994:377)

In die ondersoek van Roux *et al.* (2001:35) en Strydom (2000:198) is ook bewys dat respondente se kennis ten opsigte van MIV/VIGS beperk is en hul omskrywings van die virus ook baie vaag is.

#### **6.2.2 Respondente se mening oor die toename in MIV/VIGS**

Die stelling dat VIGS toeneem, is deur 87% van die respondente beaam. Die volgende redes is verstrekk:

- 61% het verwys na die toename in sterftesyfer wat deur die media bekend gemaak word.
- ter motivering het 6% na die lae waardes en norme wat in die samelewing heers, verwys.
- 7% het persoonlike ervaring en waarneming, byvoorbeeld van mense wat baie maer is, of van 'n vriend of familielid wat aan die virus oorlede is as motivering vir die stelling gegee.
- 8% was van mening dat meer mense vandag sterf as vroeër, en VIGS as verklaring vir die verskynsel gegee.
- 7% was van mening dat baie mense siek is en nie gesond word nie, en die virus as die enigste rede daarvoor sien.

Elf persent het die stelling teengestaan met argumente soos dat getalle deur die media oordryf word (5%) en dat die siekte nie werklik bestaan nie (3%). Slegs 2% het gesê dat hulle nie veel van die virus weet nie en dus nie hul mening daarvoor kan uitspreek nie.

Die media is dus vir die plaaswerker 'n belangrike bron van inligting ten opsigte van MIV/VIGS.

### **6.2.3 Respondente se mening oor die omvang van MIV/VIGS op plase teenoor stedelike gebiede**

Op 'n vraag of die plaaswerker dink dat MIV/VIGS meer in stede as op plase aangetref word, het 92% van die respondente aangedui dat MIV/VIGS wel meer in stede voorkom en daar min of geen gevalle van MIV/VIGS op plase voorkom nie. Die volgende redes vir die tendens is verstrekk:

- 71% was van mening dat daar meer mense in stede is en die kans op infektering dus groter.
- 10% het aangedui dat slegs mense in die stede aan die siekte sterf.
- 9% het aangedui dat prostitusie in stede voorkom en dit as rede aangevoer.
- 2% het aangedui dat mense van die stede dié op plase infekteer.
- slegs 1% van die respondente het te kenne gegee dat MIV/VIGS nie bestaan nie.

Slegs 4% van die respondente het aangedui dat MIV/VIGS in stede sowel as op plase voorkom en 3% dat hulle te min van MIV/VIGS weet en dus nie hul mening daarvoor kan uitspreek nie.

Wat die navorser hieruit aflei, is dat die plaaswerker MIV/VIGS as 'n virus beskou wat in stede ontstaan en wat geen gevaar vir die plaaswerker inhou nie. Heckman (1998:2) is van mening dat die taak van organisasies wat voorkomingsintervensie implementeer, bemoeilik word, aangesien die inligting wat in die projekte vervat is, uiteraard nie konkreet (visueel) uitgebeeld kan word nie, en mense gevolglik dink dat MIV geen bedreiging vir hul gemeenskap inhou nie en hulle dus onbewus is van talle probleme wat MIV-geïnfekteerde persone in landelike gebiede ervaar.

### **6.2.4 Die ontstaan van MIV/VIGS**

Op 'n vraag of respondente weet waar MIV/VIGS ontstaan het, het 83% te kenne gegee dat hulle nie weet nie. Nege (9%) was van mening dat dit ontstaan het as gevolg van persone wat verskeie bedmaats het. Ander het prostitusie, straf van die voorvaders, buitelanders en onwettige immigrante as redes vir die ontstaan van MIV/VIGS aangevoer.

### **6.2.5 Wysies van oordrag**

Die kennis van plaaswerkers ten opsigte van oordragwyses van MIV/VIGS is getoets en die volgende resultate is verkry:

**TABEL 5: WYSES VAN OORDRAG**

<b>Stelling</b>	<b>Ja</b>	<b>Nee</b>	<b>Onseker</b>
Kan jy “aids” kry van ‘n muskiet of ‘n hond?	69 (69%)	23 (23%)	8 (8%)
Kan jy “aids” kry deur dieselfde toilet as iemand wat “aids” het, te gebruik?	28 (28%)	64 (64%)	8 (8%)
Kan jy “aids” kry deur met ‘n stukkende deel van jou vel aan iemand wat “aids” het se bloed of liggaamvloeistof te raak?	81 (81%)	15 (15%)	4 (4%)
Deur iemand wat “aids” het met die hand te groet	14 (14%)	82 (82%)	4 (4%)
Deur iemand met “aids” te soen	35 (35%)	59 (59%)	6 (6%)
Kan u “aids” kry deur iemand wat “aids” het se spoeg?	57 (57%)	36 (36%)	7 (7%)
Deur borde, messe en vurke van iemand wat “aids” het, te gebruik?	33 (33%)	62 (62%)	5 (5%)
Kan “aids” van die ma na die baba oorgedra word?	90 (90%)	5 (5%)	5 (5%)
Die druk van gaatjies in liggaamsdele sonder om die naald in die “spiritus” of vuur te druk (te ontsmet), kan vir ‘n persoon “vigs” gee.	87 (87%)	9 (9%)	4 (4%)

Volgens die reaksies, soos hieronder aangedui, kan afgelei word dat sommige van die plaaswerkers oor ’n redelike mate van kennis ten opsigte van die oordrag van MIV/VIGS beskik:

- 64% van die respondente het aangedui dat MIV/VIGS nie deur middel van ‘n toilet oorgedra kan word nie.
- 81% het aangedui dat MIV/VIGS deur met die stukkende deel van jou vel aan iemand wat geïnfecteer is se bloed of liggaamvloeistof te raak oorgedra kan word.
- 82% het aangedui dat MIV/VIGS nie deur ‘n handdruk oorgedra kan word nie.
- 59% het aangedui dat MIV/VIGS nie oorgedra kan word deur ‘n MIV/VIGS persoon te soen nie.
- 90% het aangedui dat die virus tydens geboorte van die moeder na die baba oorgedra kan word.

Aangesien 69% van die respondente verkeerdelik aangedui het dat MIV/VIGS deur ‘n hond of muskiet oorgedra kan word en 57% dat MIV/VIGS deur middel van spuug versprei kan word, blyk wanopvattinge te bestaan oor die wyses waarop MIV/VIGS oorgedra kan word.

In Pletzer (2003:257) se ondersoek het hy ook bevind dat volwassenes bo die ouderdom van 15 jaar oor 'n redelike algemene kennis rakende MIV/VIGS beskik, maar dat wanopvattinge steeds voorkom. Sewe en dertig persent (37%) van die volwasse vroue het gedink dat die virus deur middel van die muskiet oorgedra kan word.

#### **6.2.6 Kondoom-gebruik**

Op 'n vraag of die plaaswerker weet wat 'n kondoom is, het slegs 9% aangedui dat hulle geen kennis dra van 'n kondoom nie. Alhoewel 73% die gebruik van kondome aanmoedig, het 69% aangedui dat hulle nie kondome tydens seksuele omgang gebruik nie. Redes wat aangevoer is vir die nie-gebruik van kondome is:

- dat dit hulle die plesier ontnem;
- dat hulle vrees dat die kondoom in die geslagsdele sal vassit;
- dat, wanneer die vrou aandring op die gebruik van 'n kondoom, die man dit as wantroue in hom beskou; en
- dat kondoom-gebruik nie nodig is as 'n persoon slegs een bedmaat het nie.

Alhoewel daar nie 'n spesifieke vraag was om die tendens te toets nie, het dit uit die studie geblyk dat baie van die respondente die kondoom as 100% beveiliging teen MIV/VIGS beskou. Dit is dus 'n wanopvatting wat onder die plaaswerkersgemeenskap voorkom. Naidoo (soos aangehaal deur Strydom, 2003:66) beaam dit met die volgende stelling: "Condoms are also not 100% safe and even a minute break in the latex is sufficient to allow significant passage of HIV infection through the membrane of the condom."

'n Totaal van 21% respondente het aangedui dat die voorbehoedpil en geboortebepanking-inspuiting MIV/VIGS wel kan voorkom.

Weereens bevestig die bevindinge dat daar talle wanopvattinge ten opsigte van MIV/VIGS onder die plaaswerkersgemeenskap voorkom.

### **6.2.7 Infektering deur MIV/VIGS ten opsigte van geslag**

Drie en vyftig (53%) respondente het aangedui dat beide geslagte getalsgewys eweredig geïnfekteer word. Twee en twintig (22%) respondente is van mening dat meer mans as vroue geïnfekteer word, en wel weens ontrouheid aan hul maat. Vyf en twintig (25%) respondente was tereg van mening dat meer vroue as mans geïnfekteer word. Redes wat hiervoor gegee is, is die volgende, naamlik:

- dat vroue verskeie bedmaats het om finansiële sekuriteit daardeur te bekom;.
- weens vroue se fisiese samestelling; en
- dat vroue dikwels die slagoffers van verkragting is.

Die plaaswerker stem dus nie saam met die stelling wat in die literatuur gemaak word, naamlik dat meer vroue as mans deur die virus geïnfekteer word nie. Baie vroue het meer as een bedmaat (wat nie noodwendig haar man is nie) ter wille van finansiële sekuriteit. In so 'n geval dra dit by tot die vrou se ekonomiese potensiaal (Buseh *et al.*, 2001:120).

### **6.2.8 Die toets vir MIV/VIGS**

Op 'n vraag na hoe respondente te werk sal gaan om vas te stel of hulle MIV-positief is, het 53% aangedui dat hulle vir 'n bloedtoets sal gaan, 42% dat hulle vir 'n ondersoek by 'n dokter of kliniek sal gaan en 5% dat hulle nie weet hoe om te werk te gaan nie.

### **6.2.9 Die mening van respondente daaroor of geïnfekteerde persone van MIV/VIGS kan herstel**

Op 'n vraag of geïnfekteerde persone van MIV/VIGS kan herstel, het 23% aangedui dat 'n persoon wel kan herstel en 73% dat 'n persoon nie kan herstel nie. Vier (4%) van die respondente was nie seker of 'n persoon wel genees kan word nie.

Die respondente het aangedui dat 'n persoon op die volgende wyses te werk kan gaan om van MIV/VIGS te herstel, naamlik:

- deur medikasie te neem en 'n voorgeskrewe dieet te volg (10%);
- deur medikasie te neem en voortaan net een bedmaat te hê (4%);

- deur medikasie te neem, 'n voorgeskrewe dieet te volg en voortaan net een bedmaat te hê (1%);
- deur antiretrovirale middels te gebruik (3%);
- deur die geïnfekteerde persoon se spanning te verlig deur hom/haar met sy daaglikse take te help (1%);
- deur omgang te hê met iemand wat nie met die virus geïnfekteer is nie (2%); en
- deur geloof in God te hê dat Hy jou sal genees (1%).

#### 6.2.10 Respondente se mening oor hul kennis:

Twee en tagtig (82%) was van mening dat hulle kennis oor die virus gebrekkig is en nog meer daarvan te wete sal wil kom. Die ander agt (8%) was van mening dat hulle oor genoeg kennis beskik.

### 6.3 HOUDINGS EN OORTUIGINGS

Die volgende resultate is verkry met die meting van houdings en oortuigings van plaaswerkers ten opsigte van MIV/VIGS:

**TABEL 6: HOUDINGS EN OORTUIGINGS**

		<b>Ja</b>	<b>Nee</b>	<b>On- seker</b>
6.3.1	Behoort MIV-positiewe persone gratis behandeling te ontvang?	57 (57%)	38 (38%)	5 (5%)
6.3.2	Persone wat vermoedelik MIV-positief is, behoort verplig te word om hulle te laat toets.	99 (99%)	1 (1%)	0 (0%)
6.3.3	Daar behoort meer programme oor MIV/VIGS op televisie en oor die radio aangebied te word.	98 (98%)	2 (2%)	0 (0%)
6.3.4	MIV-positiewe persone behoort nie saam met ongeïnfekteerde persone te werk nie.	65 (65%)	35 (35%)	0 (0%)
6.3.5	Jy behoort ingelig te word daarvoor as iemand wat saam met jou werk MIV-positief is.	79 (79%)	21 (21%)	0 (0%)
6.3.6	Dink u dat persone wat onder die invloed van alkohol verkeer, meer geneig is om by seksuele aktiwiteite betrokke te raak?	71 (71%)	19 (19%)	10 (10%)
6.3.7	Is dit vir u belangrik dat u maat MIV-negatief moet wees?	79 (79%)	20 (20%)	1 (1%)
6.3.8	Sou u bevriend wou wees met 'n MIV-positiewe persoon?	66 (66%)	34 (34%)	0 (0%)
6.3.9	Voel u jammer vir mense met VIGS?	100 (100%)	0 (0%)	0 (0%)

6.3.10	Die regering moet meer doen om die verspreiding van VIGS te voorkom?	100 (100%)	100 (100%)	100 (100%)
6.3.11	'n MIV-positiewe persoon kan met die blote oog geëien word?	11 (11%)	89 (89%)	0 (0%)

Positiewe reaksies is op die volgende stellings getoon:

- Ek voel jammer vir geïnfecteerde persone (100%)
- Meer programme oor MIV/VIGS moet op televisie en radio aangebied word (98%)
- Die regering moet meer doen om MIV/VIGS te bekamp (100%)
- Ek sal bevriend wil wees met MIV-positiewe persone (66%)
- MIV-positiewe persone behoort gratis behandeling te ontvang (57%)
- Dit is belangrik dat my maat MIV-negatief moet wees (66%)

Negatiewe reaksies is op die volgende stellings getoon:

- MIV-persone behoort nie saam met ongeïnfecteerde persone te werk nie (65%)

Ander interessante feite is dat 99% van die respondente meen dat mense wat vermoedelik MIV/VIGS-positief is, verplig moet word om hulle te laat toets, 79% dat hulle graag sou wou weet as geïnfecteerde persone saam met hul werk en 71% dat persone onder die invloed van alkohol meer geneig is om by seksuele aktiwiteite betrokke te raak. Slegs 11% van die respondente het aangedui dat 'n MIV-positiewe persoon met die blote oog geëien kan word.

Met inagneming van getalle wat voorstanders is van die MIV-toets, veral ten opsigte van die werksituasie, blyk daar ook vrees onder die gemeenskap voor te kom vir moontlike infeksie. Laasgenoemde hou ook verband met die wyse van oordrag ten opsigte van MIV/VIGS.

Op die vraag of respondente hul status sou bekend maak indien hulle positief sou wees, het 40% aangedui dat hulle nie sou nie. Die rede hiervoor is die vrees vir verwerping deur die gemeenskap. Laasgenoemde is tydens die ondersoek uitgedruk as: “hulle sal vir my lag”, “hulle sal van my skinder”, “hulle sal bang wees vir my”.

Hierdie vrees vir verwerping hou verband met stigmatisering. Beskrywende studies oor MIV/VIGS-stigma in ontwikkelende lande dui daarop dat gebrekkige kennis gepaard met die vrees vir die dood meebring dat oortuigings ontstaan dat oordrag toevallig kan plaasvind, en daarom wil mense geïnfecteerde persone en situasies vermy (Uys *et al.*, 2005:12).

Op 'n vraag of die respondente dink dat MIV/VIGS 'n straf van die voorvaders is, het 24% bevestig dat dit wel die geval is, aangesien die gemeenskap nie meer die tradisies van die voorvaders onderhou nie. Een van die tradisies is “die maak van rou”. As 'n gesinslid sterf, moet die gesinslede 'n stukkie lap vir 'n tydperk van 30 dae aan hul klere heg. Tydens die rouperiode mag man en vrou geen seksuele omgang hê nie, want dit kan ongeluk oor die huis bring of selfs tot nog 'n sterfte lei.

Die gebrek aan kennis lei daartoe dat mense glo dat MIV/VIGS 'n vloek is wat oor 'n persoon uitgespreek is. Dit lei daartoe dat tradisionele genesers geraadpleeg word, wat gevolglik verdere gevare vir die verspreiding van MIV/VIGS kan inhou (Ferreira, 2000:2).

Op die vraag of ouers met hul kinders oor VIGS praat, het 60% “ja” geantwoord en 16% “nee”. Die oorblywende 24% het te kenne gegee dat hulle kinders te klein is of dat hulle nog nie kinders het nie.

Op die vraag of respondente met hul kinders oor seksuele aangeleenthede praat, het 59% “ja” geantwoord en 17% “nee”. Die oorblywende 24% het te kenne gegee dat hulle kinders te klein is of dat hulle nog nie kinders het nie.

Alhoewel daar nie 'n spesifieke vraag was om die tendens te toets nie, is die meeste plaaswerkers van mening dat 'n kind eers vanaf 14-jarige ouderdom kennis van VIGS en seksuele aangeleenthede moet opdoen.

Selelo (soos aangehaal deur Forchheh, 2003:20) bevestig dat ouers in die algemeen met hul kinders oor seksuele aangeleenthede praat, maar dat kommunisering met meisies oor die

onderwerp eers tydens puberteit plaasvind, wat volgens die ouers tussen die ouderdomme 14 en 15 jaar is. Inligting wat aan hul kinders oorgedra word, is 'n waarskuwing teen ongewenste swangerskappe en sluit min of geen inligting oor MIV/VIGS in nie. Volgens die Departement Gesondheid (2001) is die verspreiding van MIV/VIGS 22% vir mense in die ouderdomsgroep 15-49 jaar, terwyl die Nelson Mandela-studie (2002) soos aangehaal deur Avert (2005:7) 15% as gemiddeld vir hierdie ouderdomsgroep aandui. Laasgenoemde statistiek is skerp teenstrydig, maar tog wys beide syfers dat die verspreidingsyfer onder dié ouderdomsgroep relatief hoog is.

Op 'n vraag waarop die respondente moontlike oplossings moet gee om die pandemie hok te slaan, is die volgende voorgestel, naamlik:

- dat voorligting oor kondoom-gebruik op plase gegee moet word en dat dit beskikbaar gestel moet word (14%)
- dat die boodskap van een bedmaat beklemtoon moet word (5%)
- dat die regering medikasie moet bekom wat die virus kan voorkom (7%)
- dat daar nie werklik 'n oplossing is nie (56%)
- dat inligting oor MIV/VIGS verskaf moet word (15%)
- dat 'n dokter vroegtydig geraadpleeg moet word (1%)
- dat mense hul status bekend moet maak (2%)

As die hoeveelheid plaaswerkers (56%) wat meen dat daar nie werklik 'n oplossing vir die bekamping van MIV/VIGS is nie in gedagte gehou word, kan die navorser die afleiding maak dat die gemeenskap hulpeloosheid en hopeloosheid ervaar ten opsigte van die bekamping van MIV/VIGS. Deur die mense te bemagtig kan die negatiewe houding omgekeer word.

## **7.           BESPREKING**

MIV-verspreiding is die hoogste in die Vrystaat Provinsie (14,9%) naas Gauteng met 'n syfer van (14,7%) en Mpumalanga met (14,1%). 'n Groot persentasie van die Vrystaat Provinsie- en Gauteng-bewoners is in informele nedersettings woonagtig, wat 'n groot risikofaktor is vir MIV-infektering (Human Sciences Research Council of South Africa, 2003).

Volgens Human Sciences Research Council of South Africa (2003) is die verspreiding van MIV in sekere gebiede soos volg: Mense wat in stedelike informele nedersettings woonagtig is 21,3% mense in formele nedersettings 12,1%, stamgebiede 58,7% en plaasgebiede 7,9%.

Die Bothaville-Kroonstad-distrik in die Vrystaat Provinsie beskik oor 'n groot aantal plaasgemeenskappe, aangesien die provinsie bekend is vir sy landbou-aktiwiteite. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die plaaswerker in die Vrystaat ook deur die MI-virus geaffekteer word. Die navorser is van mening dat die hoë getalle van infektering verband hou met die gebrek aan kennis onder plaaswerkers. South Africa Human Rights Commission (2004) steun die mening van die navorser met die volgende stelling: “Die gebrek aan inligting ten opsigte van MIV/VIGS is kommerwekkend en dui daarop dat die uitdagings wat die pandemie stel in plaasgemeenskappe nie gekonfronteer word nie.”

Dit wil voorkom of die kommersiële plaaswerkers minder bewus is van die MI-virus. Van die plaaswerkers het te kenne gegee dat hulle nog nooit werkswinkels of byeenkomste in hierdie verband bygewoon het nie (Barnabas, 2003:113). Die meeste kommersiële boere het geen beleid of strategieë beplan om MIV/VIGS te bekamp nie (Barnabas, 2003:124). Volgens dieselfde skrywer moet die boer aangemoedig word om voorsiening te maak vir opvoedkundige en ander strategieë om plaaswerkers bewus te maak van die gevare wat MIV/VIGS inhou, asook met betrekking tot die verspreiding daarvan en ook ten opsigte van die langtermyn effek wat dit op landbouproduksie het.

'n Paneel wat deur die Menseregte Kommissie saamgestel is, het bevind dat die wet ontoereikend voorsiening maak vir die beskerming van mense en hul regte. Die groot uitdaging vir die realisering daarvan lê in die oorkoming van struikelblokke wat die plaasgemeenskap ondervind. Die gebrek aan mag, dienste, toegang, bronne en **kennis** is slegs enkele aspekte hiervan (South Africa Human Rights Commission, 2004).

## **8. GEVOLGTREKKINGS**

- Beide geslagte was by die navorsing ingesluit. Voorsiening is egter gemaak vir plaaswerkers tussen 21- en 60-jarige ouderdom. Vyf plase in die Bothaville-

Kroonstad-distrik is by die navorsing betrek.

- Sommige van die vrae was van 'n sensitiewe aard; dit is dus moeilik om te sê of die vrae eerlik beantwoord is.
- Uit die ondersoek blyk daar wanopvattinge oor die oordrag van die MI-virus te wees.
- Onsekerheid heers onder plaaswerkers oor wat MIV/VIGS werklik is (soos afgelei uit hul definiering van VIGS)
- Twee en tagtig (82%) van die respondente het te kenne gegee dat hulle oor gebrekkige kennis ten opsigte van MIV/VIGS beskik.
- Alhoewel die gemeenskap die nodige empatie teenoor slagoffers van die virus betoon, heers 'n mate van vrees nogtans vanweë die feit dat 79% graag daarvoor ingelig wil wees as 'n geïnfecteerde persoon saam met hulle werk en 99% van die respondente aandui dat mense wat vermoedelik MIV/VIGS het, hulle moet laat toets. Die vrees ontstaan by respondente weens 'n gebrek aan kennis.
- Alhoewel 73% van die respondente die gebruik van 'n kondoom aanmoedig, het slegs 30% aangetoon dat hulle telkens tydens seksuele omgang wel 'n kondoom gebruik.

## **9. AANBEVELINGS**

Op grond van voorgenoemde bevindinge en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gedoen:

- Die plaaslike regering moet daadwerklike pogings ten opsigte van die voorkoming van MIV/VIGS onder plaaswerkers aanwend om voorkomingsprojekte te loods asook te befonds.
- Professionele voorligters soos maatskaplike werkers en opgeleide vrywilligers moet by projekte betrek word om plaaswerkers se kennis ten opsigte van MIV/VIGS deur middel van groepwerk en gemeenskapwerk as metodes te verbreed.
- Plaaswerkers se kultuur en taal rakend MIV/VIGS-opvoeding moet in ag geneem word by die samestelling van voorkomingsprojekte om sodoende 'n doeltreffende impak te kan

maak.

- Gemeenskapsprojekte moet onderneem word om die maatskaplike funksionering van die plaaswerkers te verbeter. Die mobilisering van dienste en die verskaffing van ontspanningfasiliteite is slegs enkele van die vele aspekte wat die plaaswerker se funksionering kan bevorder.

## 10. BIBLIOGRAFIE

- AVERT. 2005. South Africa HIV/AIDS statistics. South Africa. [Web:] <http://www.avert.org/safricastats.htm> [Datum van gebruik: 5 September 2005].
- BARNABAS, O. 2003. Government leaders in Namibia responding to the HIV/AIDS epidemic. University of Namibia press. 244p.
- BERSTEIN, A.J. & VAN ROOYEN, C.A.L. 1994. Social culture factors and their importance in working with people with aids in South Africa. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 30(4):372, Oktober.
- BUSEH, A.G., GLASS, L.K. & MCELMURRY, B.J. 2001. Educating woman about HIV/AIDS: some international comparison. *Health care for women international*, 23(2):173 (8 p.), Mar. [In EBSCOHost: Academic Search, Full display : <http://www.-sa.ebsco.com>] [Datum van gebruik : 14 January 2005].
- DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHE, C.B & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. Pretoria:Van Schaiks.
- EVIAN, C. 2000. Primary AIDS Care: a practical guide for primary health care personnel in the clinical and supportive care of people with HIV/AIDS. Johannesburg : Jacana Education.
- FORCHEH, N.I.A. 2003. The prevention of HIV infection among teenage girls in Botswana: An overview of related interventions. Botswana : University of Botswana. (Dissertation – M.Sc.) 64 p.
- FURBER, A.S., HODGSON, I.J., DESCLAUX, D.S. & MUKASA, D.S. 2004. *British Medical Journal*, 329(7477):1281 (8 p.) Nov. [In EBSCOHost : Academic Search, Full display : <http://www-sa.ebsco.com>.] [Datum van gebruik : 14 Januarie 2005].
- GRINNELL, R.M. 1993. Social work research and evaluation. Itasca : Peacock.
- HECKMAN, T.G. 1998. Barriers to care among persons living with HIV/AIDS in urban and rural areas. *Aids Care*, 10(3):11, Jun. [In EBSCOHost : Academic Search, Full display : <http://www-sa.ebsco.com>] [Datum van gebruik : 24 Julie 2004].
- HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL OF SOUTH AFRICA. 2003. Research to inform HIV/AIDS prevention, care and the impact mitigation. South Africa. [Web:] <http://www.hsra.ac.za/research/npa/SAHA/news/keynote.html>. [Datum van gebruik: 18 Julie 2005].

- LOUW, M. 2004. MIV/VIGS lê landbou in Afrika lam, sê verslag. *Beeld*:14, Mrt. 12.
- NUWE WOORDEBOEK VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Kaapstad: CTP Book Printers.
- PELSER, W. 2004. Boere 'moet staat lei oor grond'. *Rapport*: 5, Sep. 4.
- PLETZER, K. 2003. HIV/AIDS/STD knowledge, attitudes, beliefs and behaviours in a rural South African adult population. *South African Journal of Psychology*, 33(4):250 – 260. [In EBSCOHost: Academic Search, Full display : <http://www-sa.ebsco.com>] [Datum van gebruik : 15 Januarie 2005].
- ROUNDS, K.A., GALINSKY, M.J. & STEVENS, L.S. 1991. Linking people with AIDS in rural communities: The telephone group. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 36(1):13, Jan. [In EBSCOHost : Academic Search, Full display : <http://www.-sa.ebsco.com>] [Datum van gebruik : 15 Januarie 2005].
- ROUX, A.A., VENTER, C.S. & WESSELS, C.C. 2001. A group work programme for HIV/AIDS patients. *The social work practitioner Researcher/Die maatskaplike werk navorser praktisyn*, 13(2):33-47, Aug.
- ROUX, A.A. 2002. Evaluering van 'n groepwerk-hulpverleningsprogram met MIV-positief/VIGS-pasiënte. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Verhandeling - D.Phil.) 356 p.
- ROYSE, D. 1995. Research methods in Social Work. Chigaco: Nelson Hall.
- RYKE, E.H. 2004. The social niche of farm dweller's : A Social Work strengths approach. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – D.Phil.) 147 p.
- SCHRAM, S.G. 2004. African ag co-ops leading fight against HIV/AIDS. *Rural Cooperatives*, 71(1):2, Jan. [In EBSCOHost: Academic Search, Full display : <http://www-sa.ebsco.com>] [Datum van gebruik : 28 September 2004].
- SOUTH AFRICA. Department of health. 2001. HIV/AIDS & STD. Strategic plan for South Africa 2000. Cape Town : CTP Book Printers.
- SOUTH AFRICA HUMAN RIGHTS COMMISSION. 2004 [Web:] <http://www.sahrc.org.za/farming> inquiry foreword [Datum van gebruik: 18 Julie 2005].
- STRYDOM, H. 2000. The knowledge base of high school pupils in the North West Province on HIV/AIDS. *The social worker practitioner-researcher/ Die maatskaplike werk navorser-praktisyn*, 12(3):195-207, Dec.

- STRYDOM, C. 2002. Evaluation of an HIV/AIDS program for students at a tertiary institution with emphasis on peer group involvement. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Verhandeling - D.Phil.) 421 p.
- STRYDOM, C. & STRYDOM, H. 2004. The psycho-social circumstances of car guards: Interventive roles of the social worker. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 40(3):319, Augustus.
- STRYDOM, H. 2003. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom : PU vir CHO. 268p. (Studiegids D18/2003).
- STRYDOM, H. 2003. HIV/AIDS and South African adolescents: Attitudes and information needs. *Maatskaplike werk/Social Work*, 39(1):59, Maart.
- STRYDOM, H., CRONJÉ, F.J., ROUX, A.A., STRYDOM, C. & WESSELS, C.C. 2005. Die wisselwerking tussen MIV/VIGS en armoede: 'n Psigososiale perspektief. *Maatskaplike werk/Social Work*, 41(1):68, Maart.
- UYS, L., CHIRWA, M., DLAMINI, P., GREEFF, M., KOHI, T., HOLZEMER, W., MAKOA, L., NAIDOO, J.R. & PHETLHU, R. 2005. "Eating plastic," "Winning the lotto," "Joining the WWW"... *Descriptions of HIV/AIDS in Africa. Journal of the association of nurses in AIDS care*, 16(3):11-21, May/June.
- WESSELS, C.C. 2003. Die opstel en evaluering van 'n maatskaplike-bemagtigingsprogram vir gesinne van MIV-positiewe/VIGS-pasiënte. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – D.Phil.)

## **AFDELING C**

### **ARTIKEL 2**

#### **RIGLYNE VIR 'N MIV/VIGS–GROEPWERK- VOORKOMINGSPROGRAM**

*Nogueira, L., Strydom, C. & Roux, A.A. (Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit)*

#### **OPSOMMING**

Navorsing is onder die plaaswerkers van die Vrystaat Provinsie onderneem waartydens ondersoek ingestel is na die kennisvlak en houdings van die swart plaaswerkersgemeenskap ten opsigte van MIV/VIGS. Tydens die ondersoek is gevind dat die plaaswerkersgemeenskap oor gebrekkige kennis beskik en dat daar verskeie wanpersepsies oor MIV/VIGS heers.

Uit 'n literatuurstudie blyk daar min programme te wees wat spesifiek op die voorkoming van MIV/VIGS onder plaaswerkers fokus. Dus bestaan 'n behoefte daaraan om riglyne vir 'n groepwerkprogram ter voorkoming van MIV/VIGS saam te stel. In hierdie artikel word aandag geskenk aan die riglyne vir 'n groepwerkprogram op grond van die empiriese en literatuurstudie.

#### **1. INLEIDING**

Weens die MIV/VIGS-vraagstuk in Suid-Afrika en die moontlike gevolge daarvan vir die plaaswerkersgemeenskap op plase in die Vrystaat Provinsie, het die navorsers tot die gevolgtrekking gekom dat riglyne vir 'n groepwerkprogram saamgestel moet word. Sodanige groepwerkprogram moet op die spesifieke behoeftes van die plaaswerkersgemeenskap fokus, aangesien die gemeenskap eiesoortige behoeftes het wat voortspruit uit die kultuuragtergrond en gebrekkige infrastruktuur daarvan.

#### **2. PROBLEEMSTELLING**

Primêr beïnvloed VIGS die armste en mees benadeelde groepe in Suid-Afrika (Mitton, 2000:12). 'n Verslag wat deur die Mediese Navorsingsraad in Julie 2001 saamgestel is, het aangedui dat

VIGS die algemeenste oorsaak is van sterftes in Suid -Afrika. Die Sub-Sahara-streek maak 10% van die wêreldbevolking uit. 'n Totaal van 25,8 miljoen mense is met MIV geïnfekteer, waarvan 6 miljoen in Suid-Afrika is, wat beskou word as die land met die hoogste MIV/VIGS-syfer (Green, 2005:1) In die tydperk 1997 tot 2002 het die sterftesyfer in die ouderdomsgroep 25 tot 44 jaar meer as verdubbel (UNAIDS, 2005) Infektering is die hoogste onder vroue in die ouderdomsgroep 25 tot 34 jaar. Sowat een uit elke derde vrou is dus deur die MI-virus geïnfekteer (AIDS Epidemic Update, 2005). 'n Studie wat oor die registrasie van sterftes in die ouderdomsgroepe onderneem is, het bepaal dat die sterftesyfer onder mense van 25 jaar en ouer van 1997 tot 2002 met 62% toegeneem het. Die sterftesyfer van mense in die ouderdomsgroep 25 tot 44 jaar het verdubbel (AIDS Epidemic Update, 2005). Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat MIV/VIGS in Suid-Afrika nie 'n aanmeldbare siekte is nie. Die huidige syfers is gevolglik nie die ware weerspieëling van die werklike getal mense wat reeds geïnfekteer is nie (Allen et al., 2000:9).

Vir enige ontwikkelende land is die landbou een van die kritieke sektore. Volgens alle aanduidings gaan VIGS in die volgende 25 jaar 'n drastiese uitwerking op die landbou hê. Tydens Graan SA se jaarlikse kongres in 2001 het 'n politieke ontleder en marknavorsers voorspel dat kommersiële landbougebiede ontvolk kan raak en dat die Vrystaatse bevolking alleen, hoofsaaklik as gevolg van MIV/VIGS, met 70% kan afneem (Wessels, 2003:72).

Die impak wat MIV/VIGS op die hele landboustelsel het, is dus van groot belang en sal in die toekoms indringende aandag moet geniet (Wessels, 2003:73). Elkeen moet kennis dra van MIV/VIGS en die korrekte houding teenoor die virus handhaaf (Strydom, 2005:144). Daar bestaan geen twyfel oor die belangrike rol wat maatskaplike werkers in die huidige konteks van MIV/VIGS in Suid-Afrika kan speel nie (Saloner, 2002:30). Maatskaplike groepwerk kan 'n belangrike rol speel in die oordra van inligting en verandering van houdings. Volgens Toseland en Rivas (2005:17) kan verskillende soorte groepe in die verband aangebied word, soos inligtingsgroepe. 'n Aansienlike hoeveelheid navorsing wat onderneem is (Roux, 2002; Strydom, 2002; Sito, 2004), het die waarde van groepwerkprogramme ten opsigte van MIV/VIGS, aangedui.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat 'n behoefte aan die bewusmaking en opvoeding van MIV/VIGS onder plaaswerkers voorkom. Daar moet dus nie net op die voorkoming van MIV/VIGS gefokus word nie, maar ook op die aanleer van basiese lewensvaardighede en die bemagtiging van die mense. Groepe waaraan ouers deelneem is ideaal, want hulle kan in ervarings en situasies deel. Daar is ook minder blootstelling in groepe, en groeplede sal openliker praat oor sensitiewe onderwerpe soos seks.

Uit die voorafgaande is die volgende vraag geformuleer:

- Watter aspekte moet in 'n MIV/VIGS-groepwerk-voorkomingsprogram vir die plaaswerker ingesluit word?

### **3. DOELSTELLING EN DOELWITTE**

Die doelstelling van hierdie ondersoek is soos volg:

- Om riglyne vir 'n groepwerk-voorkomingsprogram ten opsigte van MIV/VIGS saam te stel.

- **Doelwit**

Die doelwit is soos volg:

- Om riglyne vir 'n groepwerk-voorkomingsprogram ten opsigte van MIV/VIGS deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek saam te stel.

### **4. SENTRAAL TEORETIESE STELLING**

'n MIV/VIGS-groepwerk-voorkomingsprogram sal die kennis van die plaaswerkersgemeenskap verbeter, wanpersepsies uit die wegruim en negatiewe houdings in dié verband verander.

### **5. NAVORSINGSMETODOLOGIE**

Die metode wat gevolg is, is 'n literatuurstudie en 'n empiriese studie.

#### **5.1 LITERATUURSTUDIE**

Literatuurstudie is gedoen oor die kennisvlak en houdings ten opsigte van MIV/VIGS. Daar is baie data beskikbaar oor MIV/VIGS, maar inligting spesifiek oor die plaaswerkersgemeenskap is beperk. Die ondersoek het gefokus op die ontwerp van 'n groepwerkprogram om

lewensvaardighede aan die groeplede oor te dra met die doel om MIV/VIGS te voorkom. Min navorsing is beskikbaar oor groepwerkprogramme met die plaaswerker. Verskeie databasisse van die Ferdinand Postma Biblioteek is gebruik vir die ondersoek. Die databasisse Ebscohost, Internet en Ferdikat is benut. Verskeie boeke en vaktydskrifte is ook bestudeer.

## **5.2 EMPIRIESE STUDIE**

Die intervensie-navorsingsmodel sal gebruik word. Strydom (2003:144) omskryf intervensie navorsing as volg: "Navorsing wat gerig is op die daarstelling van sistematiese prosedures vir die ontwerp, toetsing, evaluering en verfyning van tegnieke en instrumente met die oog op intervensie ingryping in maatskaplike probleme in gemeenskappe en groepe". Intervensienavorsing het ten doel om moontlike oplossings vir praktiese probleme te verskaf om duidelikheid te verkry oor die bepaalde probleem ( De Vos et al., 2005:394; Strydom & Van Heerden, 2004: 343-345). In hierdie geval is die probleem die onkunde en negatiewe houdings van die plaaswerkergemeenskap ten opsigte van MIV/VIGS. Die navorser sal 'n MIV/VIGS-voorkomingsprogram ontwikkel met die doel om die probleem van onkunde en negatiewe houdings aan te spreek.

Intervensie navorsing vind in 'n ses-fase model, elk met operasionele stappe wat uitgevoer moet word ten einde die proses te volvoer (Strydom, 2003:141). Die ses fases word gekenmerk, naamlik probleemanalise en projekbeplanning; insameling van data en sintese; die ontwerp; voorlopige ontwikkeling; 'n voorondersoek; evaluering en gevorderde ontwikkeling, disseminasie. Vir die doel van die onderhawige ondersoek sal slegs die volgende stappe gevolg word:

- Stap 1:** probleem-analise (die opname)
- Stap 2:** projekbeplanning (ontwikkeling van riglyne)
- Stap 3:** die insameling van data en sintese

Die opnameprosedure is gebruik om die gewilligheid van gemeenskapslede om so 'n program by te woon vas te stel, asook om die administratiewe aspekte ten opsigte van groepwerk en moontlike onderwerpe te ondersoek.

### • Respondente

Die navorser wat die ondersoek geloods het, het besluit om 100 swart volwasse plaaswerkers in die Kroonstad-Bothaville-distrik as respondente te betrek. 'n Man en 'n vrou uit elke huis het die vraelys voltooi. Tien huise op elk van die vyf deelnemende plase is by die studie betrek .

Tydens die ondersoek is van die toevallige steekproefmetode gebruik gemaak. (De Vos et. al., 2005:202 & Grinnell, 1993:162) By hierdie tipe steekproef is die proefpersone meestal diegene wat die naaste en beskikbaarste is.

Die navorser het die man en vrou gebruik wat tydens die ondersoek beskikbaar was.

### • Meetinstrumente

'n Eenvoudige, selfopgestelde skedule is tydens die ondersoek gebruik om die vlak van kennis en houdings van respondente ten opsigte van MIV/VIGS te bepaal. Kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting is bekom deur middel van eenvoudige oop en geslote vrae.

### • Program

'n Program is saamgestel nadat ander voorkomingsprogramme (Strydom, 2002; Strydom, 2005; Masisi, 2002; Sito, 2004) asook kennis en houdings van respondente, bestudeer is. Die fokus van die program was om MIV/VIGS onder die plaaswerkersgemeenskap te voorkom deur hulle met sekere lewensvaardighede toe te rus en inligting ten opsigte van MIV/VIGS aan hulle oor te dra.

## **6. GROEPWERK**

Alvorens riglyne vir 'n program gegee kan word, is dit noodsaaklik dat aandag geskenk moet word aan die beginsels van groepwerk, die soorte groepe wat aangetref word asook die administratiewe take waaraan die maatskaplike werker aandag moet skenk.

### **6.1 DIE BEGINSELS VAN GROEPWERK**

Beginsels dien as riglyne vir die maatskaplike werker ten opsigte van die vestiging en opbou van 'n professionele werkverhouding. Dit is die fondament of vertrekpunt van waarvan dienste gelewer word (Du Preez, 1986:19; Roux, 1997:12, Roux, 2002:123). Vir doeleindes van hierdie

studie sal slegs klem op die beginsels van aanvaarding, vertroulikheid, individualisering, empatie en selfbeslissing gelê word.

- **Aanvaarding**

As die maatskaplike werker die nodige respek en hoflikheid teenoor die plaaswerker betoon, sal sy of hy aanvaarding nie net as mens ervaar nie, maar ook vir kultuurverskille (Roux, 2002:123). Om die plaaswerker ten volle te aanvaar moet die maatskaplike werker oor goeie selfkennis beskik en veral kennis oor sy vooroordele (Du Preez, 1995:25).

- **Vertroulikheid**

In landelike gebiede word mense (buitestanders) met agterdog en wantroue bejeën (Riffe & Bekker, 2001:20). Uit laasgenoemde spreek dit van self dat vertroulikheid 'n uiterse belangrike beginsel is in die maatskaplike werker se omgang met die plaaswerker en moet hy dié daarvan verseker dat alle inligting vertroulik hanteer sal word (Steyn, 2001:18). Eerlikheid is dus 'n belangrike aspek in die opbou van 'n vertrouensverhouding met die plaaswerker (Potgieter, 1998:101).

- **Individualisering**

Die maatskaplike werker moet dus te alle tye die plaaswerker as 'n individu met spesifieke behoeftes benader en daarteen waak om die behoeftes en kultureienskappe van die gemeenskap aan 'n individuele plaaswerker toe te skryf. Bar-on (2003:305) beaam laasgenoemde deur die volgende uitspraak: "...as this knowledge is rarely comprehensive, it can easily lead to attributing generalised group characteristics to individuals to whom they may not apply".

- **Empatie**

Volgens Compton en Galaway (1999:22) behels empatie die volgende: "... an understanding with the client, rather than a diagnostic or evaluative understanding of the client." Die maatskaplike werker poog om die gevoelens van die plaaswerker te verstaan, al glo hy/sy dat die realiteit van die situasie nie juis sulke gevoelens wat die kliënt ervaar, regverdig nie (Masisi, 2002:46).

### • **Selfbeslissing**

Selfbeslissing is die geleentheid wat die maatskaplike werker skep vir die plaaswerker om self 'n besluit te kan neem. Die maatskaplike werker as kundige moet die plaaswerker tot insig lei om die regte keuse te kan maak (Compton & Galaway, 1999:110). Dit kan die vertrouensverhouding onberekenbare skade berokken indien die maatskaplike werker vanuit sy eie lewensvoorkeure die plaaswerker beoordeel. Te alle tye gaan dit om wat vir die kliënt binne die ruimte van sy kultuuriëntering en gemeenskapsnorme voordelig is (Steyn, 2001:19).

## **6.2 SOORT GROEP**

Dit is noodsaaklik dat die maatskaplike werker eers die soort groep moet bepaal, alvorens lede vir die groep gewerf word. Volgens Roux (1997:38) moet die groep waarop besluit word, ooreenstem met die behoeftes van die voornemende groeplede en die voorlopige doelstellings wat vir die groep geformuleer is.

Daar kan hoofsaaklik tussen twee hoofgroepe onderskei word, naamlik: behandelingsgeoriënteerde en taakgeoriënteerde groepe (Toseland & Rivas, 2005:14). Die groep plaaswerkers val in die kategorie van behandelingsgeoriënteerde groepe.

Behandelingsgeoriënteerde groepe kan volgens Toseland en Rivas (2005:21-26) onderverdeel word in ondersteuningsgroepe, opvoedkundige groepe, groeigroepe, terapeutiese groepe en sosialiseringsgroepe.

Indien die voorkomingsprogram in 'n plaaswerkersgemeenskap aangebied word, sal dit volgens die indeling 'n groeigroep wees. So 'n groep sal ook elemente van 'n opvoedingsgroep bevat en sal dan ook as 'n opvoedkundige groep geklassifiseer kan word. Daar sal van geslote groepe gebruik gemaak word.

## **6.3 ADMINISTRATIEWE-ASPEKTE**

Die volgende administratiewe-aspekte moet aandag geniet ten einde sukses met groepwerk te behaal:

### **6.3.1 Samestelling van die groep**

Individue wat baat sal vind by 'n groep moet geselekteer word (Zastrow, 2001:15). Tydens die samestelling van die groep moet die maatskaplike werker die volgende beginsels in ag neem:

- **Homogeniteit**

Dit behels dat lede van die groep 'n gemeenskaplike doelstelling en gemeenskaplike eienskappe openbaar. Gemeenskaplike eienskappe sluit in ouderdom, skolastiese opleiding, kultuuragtergrond, graad van bedrewenheid ten opsigte van die groepwerktaak, kommunikasievermoë en tipe probleem (Toseland & Rivas, 2005:166). Gemeenskaplike doelstellings en eienskappe stimuleer kommunikasie en moedig lede aan om met mekaar se probleme en behoeftes te identifiseer (Toseland & Rivas, 2005:166).

Die plaaswerkgemeenskap in die ondersoek beskik oor gemeenskaplike eienskappe soos ras, kultuur en taal.

- **Heterogeniteit**

Geslag moet ook tydens die samestelling van die groep in ag geneem word (Reid, 1990:184). In die ondersoek was van die nege en negentig (99%) respondente van mening dat 'n gemengde groep in so 'n program saamgestel moet word. Dit sal verseker dat onderwerpe vanuit die oogpunt van beide geslagte bespreek word en waardevolle terapeutiese waarde tot die opvoeding van die plaaswerkgemeenskap tot gevolg hê. Verskille in geslag en ouderdom kan bydra tot die waarde van 'n groep wat uit plaaswerkers bestaan.

### **6.3.2 Werwing en voorbereiding van lede**

Die groep moet saamgestel word uit die gemeenskap. Dit is belangrik dat toegang tot die gemeenskap verkry moet word deur kontak te maak met gemeenskapsleiers, politici, lede van die polisie asook onderwysers by skole (Toseland & Rivas, 2005:163). Aangesien vertroue 'n sleutelterm is in die werwing van lede van diverse kulture, moet die maatskaplike werker tyd daaraan bestee om die gemeenskap en sy lede te leer ken voordat 'n groep saamgestel en sessies

aangebied word. Die boer van die betrokke plaas is in die geval 'n belangrike sleutelfiguur wat betref toegang tot die plaaswerkgemeenskap.

Die effektiefste wyse om lede uit die plaaswerkgemeenskap te werf, is deur persoonlike kontak. Sodoende word onsekerheid uit die weg geruim en sal die plaaswerker weet wat groepwerk behels, aangesien talle van hulle onbekend met die term is. Toseland en Rivas (1998:154) beaam bogenoemde deur in hierdie verband uit te wys dat verskeie maniere bestaan om lede te werf. Direkte kontak is egter die effektiefste.

### **6.3.3 Grootte van die groep**

Kultuuragtergronde moet ook in ag geneem word, aangesien lede uit 'n bepaalde milieu weens die intimiteit van kleiner groepe bedreig voel (Toseland & Rivas, 1998 :160). Hoewel dit moeilik is om 'n spesifieke getal lede as die ideale grootte van 'n groep te stel, wil dit egter voorkom of 6 tot 8 lede meestal interaksie bevorder omdat daar genoeg moontlikhede vir kommunikasie bestaan en 'n mate van intimiteit nog kan ontwikkel (Toseland & Rivas, 2005:170; Corey & Corey, 1997:107) Vir die plaaswerkers word aanbeveel dat 'n groep van 10 lede voldoende is, aangesien dit interaksie bevorder, terwyl individualisering deurlopend kan plaasvind.

### **6.3.4 Aantal en duur van groepbyeenkomste**

Reid (1990:189) verkies dat groepintervensie nie langer as 20 byeenkomste duur nie. Die aantal kan wissel tussen ses tot twaalf of twaalf tot twintig (Corey & Corey, 1997:117). Toseland en Rivas (1998:241 ) is van mening dat lede self oor die aantal byeenkomste besluit. Die besluit kan later heroorweeg word in die ooreenstemming met vordering wat gemaak is. Nege byeenkomste is deur 72 (72%) respondente as die aangewese getal beskou.

Vyf en dertig (35%) respondente het aangedui dat groepbyeenkomste tydens die week gehou moet word, terwyl 76 (76%) aangedui het dat byeenkomste op Saterdag gehou word. Die navorser kan die afleiding maak dat respondente naweke verkies sodat hul werk nie agter raak nie. Daar moet ook egter in ag geneem word dat begrafnisse meestal op Saterdag plaasvind, wat

bygewoon word. Die navorser is van mening dat daar opgelet moet word dat groepe nie tydens plant- of oestyd moet geskied nie, maar wel tydens die week. Daar moet dus met die boer van die betrokke plaas onderhandel word sodat die plaaswerker die groepbyeenkomste met 'n geruste hart kan bywoon.

### **6.3.5 Duur van byeenkomste**

Byeenkomste van een tot twee ure verseker optimale aktiwiteite (Zastrow, 1997:14). Byeenkomste wat te lank duur, kan uitputtend wees, terwyl waardevolle inligting vanweë 'n gebrek aan volgehoue aandag verlore gaan.

Die tyd waartydens byeenkomste op 'n dag moet plaasvind, moet deur die lede en die beskikbaarheid van die maatskaplike werker asook die lokaal bepaal word.

Dit is belangrik dat die byeenkomste in die kortste moontlike tydperk afgehandel moet word. Oes- en planttyd verg baie hande-arbeid, en in hierdie tyd sal die boer nie gewillig wees om die werkers vir 'n lang periode af te staan nie. Die duur van die byeenkoms moet vooraf met die boer gereël word sodat lede gerusgestel kan word oor die tyd wat hulle moontlik in 'n werkdag verloor. (Tydens die ondersoek was dit 'n bekommernis by baie respondente dat, as hulle die program sou bywoon, hulle nie hul dagtake sou kon verrig nie en hulle probleme met die boer sal ervaar.)

### **6.3.6 Gereeldheid van byeenkomste**

Omdat die plaaswerker nie werklik oor 'n dagboek beskik nie, moet die byeenkomste op gereelde tye plaasvind.

### **6.3.7 Plek van byeenkoms**

'n Ideale plek sal waarskynlik selde bekom kan word en daarom moet die beste gebruik van beskikbare fasiliteite gemaak word. Die vergaderplek moet nie te weelderig wees nie, anders sal lede ontuis voel en bewus word van hul agterstand (Reid, 1990:192 ). Dit is baie belangrik dat

die lokaal 'n voorkoms van wamte sal uitstraal, maar moet liefers nie so wees dat die plaaswerker, weens sy materiële agterstand, minderwaardig voel nie.

### **6.3.8 Formulering van doelstellings**

Voordat die maatskaplike werker met die voornemende groeplede kontak maak, moet voorlopige doelstellings en doelwitte geformuleer word (Roux, 1997:147). Dit is noodsaaklik dat lede van die groep by die formulering van doelstellings betrek word. Volgens Zastrow (2001:81) sal lede meer gemotiveerd voel om doelstellings te bereik as hulle daarby betrek word.

### **6.3.9 Kontraktering**

'n Kontrak is 'n geskrewe of mondelinge ooreenkoms tussen twee of meer lede van 'n groep. 'n Geskrewe kontrak hou die voordeel in dat die maatskaplike werker of die lede daarna kan verwys as hulle herinner moet word aan die doelstelling van die groep, verwagtings en ook pligte waartoe hulle ingestem het. Kontraktering is belangrik in groepe, aangesien die maatskaplike werker nie altyd seker is dat vertroulike inligting deur al die lede as sodanig hanteer sal word nie (Northen, 1998:11). In die geval van die plaaswerker is dit uiters noodsaaklik dat die kontrak in eenvoudige taal opgestel en verduidelik moet word. 'n Voorbeeld hiervan word ingesluit in Addendum I.

## **7. SAMESTELLING VAN DIE PROGRAM**

### **7.1 VEREISTES VAN PROGRAMAKTIWITEITE**

Tydens die selektering van programaktiwiteite moet die maatskaplike werker veral aandag skenk aan die prosedure ten opsigte van die selektering van hierdie aktiwiteite. Die programaktiwiteite moet verband hou met die doelstellings en doelwitte wat die geskikste vir die groep is. Fasiliteite en hulpbronne wat beskikbaar is, moet in ag geneem word. Hierdie programaktiwiteite moet verband hou met onder andere die groeplede se belangstelling, ouderdom en aandagspan.

Toseland en Rivas (1998:238) gee die volgende uiteensetting van die prosedure wat gevolg moet word tydens die selektering van programaktiwiteite:

- Dui programaktiwiteite aan wat met die doelstellings van die groep ooreen kom.

- Dui die doelwitte van die programaktiwiteite aan.
- Dui programaktiwiteite aan waarvoor fasiliteite, hulpbronne en tyd beskikbaar is.
- Stel 'n lys saam van toepaslike programaktiwiteite wat gebaseer is op die groeplede se belangstelling, motivering, ouderdom, vaardighede, fisiese en geestelike toestand en aandagspan.
- Klassifiseer programaktiwiteite na aanleiding van:
  - die aard van aktiwiteite, byvoorbeeld duur en struktuur;
  - fisiese vereistes van die aktiwiteit, byvoorbeeld gehalte, motoriese koördinasie en krag;
  - sosiale verwagtinge van die aktiwiteit, byvoorbeeld interaksionele, verbale en sosiale vaardighede;
  - psigologiese vereistes van die aktiwiteit, byvoorbeeld uitdrukking van gevoelens, gedagtes en motiewe;
  - kognitiewe vereistes van die aktiwiteit, byvoorbeeld oriëntering ten opsigte van tyd, plek en persoon.
- Selekteer die programaktiwiteit wat die geskikste is vir die bereiking van die gespesifiseerde doelwitte.

### **7.1.1 Die programmedia moet aan die volgende vereistes voldoen**

- Die programmedia moet aan al die lede die geleentheid vir aktiewe deelname bied, op hul behoeftes gebaseer wees en tred hou met die groeplede se belangstellings, vermoëns en beperkings (Gentry, 1984:41; Du Preez, 1995:217).
- Die programmedia moet in samewerking met die groeplede beplan word (Roux, 2002:186).
- In die aanbieding van die programmedia moet toegetree word tot die leefwêreld van die groeplede en die moontlikheid moet bestaan om verdere programinhoud te stimuleer (Du Preez 1995:217).
- Programmedia behoort die moontlikheid van ontvlugting en ontlading van skuldgevoelens in te sluit en ook 'n element van avontuur te bevat (Du Preez, 1995:217).

- Programmedia moet uit die staanspoor reeds aan groeplede bekend wees en hul vermoë om te sosialiseer ontwikkel (Du Preez, 1995:217).
- Groepaktiwiteite moet ten doel hê om ervarings of wyses van interaksie te selekteer wat verandering bewerkstellig en die groep se doelstellings bereik (Toseland & Rivas, 2005:249; Du Preez, 1995:217).
- Die vaardighede van die maatskaplike werker en die geriewe tot sy beskikking moet ook in aanmerking geneem word (Strydom, 1990:202).

In die beplanning van 'n MIV/VIGS-voorkomingsprogram is dit noodsaaklik dat aandag aan al die vereistes geskenk moet word. Volgens Roux (2002:187) is dit gebiedend noodsaaklik dat, in die beplanning van die program vir groeplede uit agtergeblewe gemeenskappe, tot die leefwêreld van hierdie individue toegetree moet word en programaktiwiteite beplan word wat by hul funksioneringsvlak aansluit. Hierdie aktiwiteite moet interessant en stimulerend wees maar binne hul vermoëns en hul verwysingsraamwerk.

## **7.2 DIE WAARDE VAN PROGRAMAKTIWITEITE**

Volgens Du Preez (1986:136) het die programmedia as hulpmiddel nie alleen 'n spesifieke waarde nie, maar ook 'n algemene waarde. Die waarde is omvangryk en kan benut word soos deur Du Preez (1995:136) en Strydom (1990:203) uitgewys:

- Programaktiwiteite is bevorderlik vir die sosialisering van groeplede.
- Dit lei tot die uitbreiding van groeplede se belangstelling en vermoëns wat vordering en verbeterde maatskaplike funksionering tot gevolg het.
- Dit skep geleentheid vir uitdrukking van gevoelens.
- Dit skep geleentheid vir die waarneming en diagnoseer van groeplede wat tot doeltreffende hulpverlening lei.
- Die programaktiwiteite lei tot die groeplede se aanvaarding van beperkings, en dit bevorder hul selfstandigheid en verhoudings in die algemeen.
- Programaktiwiteite bied die geleentheid vir die uitkenning, uitbouing en ordening van die groepproses in die geheel.

- Dit bevorder kommunikasie.
- Deur middel van die programaktiwiteite word die vertrouensverhouding tussen die maatskaplike werker en groeplede bevorder.
- Benutting van programaktiwiteite werk verveeldheid teë en behou belangstelling.
- Die ervaring van sukses deur middel van die program lei tot die ontwikkeling van selfvertroue onder die groeplede.

### **7.3 KULTUURASPEKTE WAT IN AG GENEEM MOET WORD TYDENS DIE ONTWERP VAN 'N PROGRAM**

Waarom is dit so moeilik om die VIGS-syfer te verlaag? Die antwoord op die vraag lê daarin dat meer kennis van tradisies en kulturele faktore bekom moet word en in ag geneem moet word tydens die ontwerp van programme. Die ontwerp van programme stel groot uitdagings aan navorsers. Kulturele aspekte speel 'n groot rol in die verspreiding van MIV/VIGS in landelike gebiede.

Om kultuursensitief op te tree beteken om die beginsels van maatskaplike werk as riglyn toe te pas tydens die implementering van intervensie (Du Bois & Miley, 1999:135). Volgens die navorser is aanvaarding een van die belangrikste beginsels wat in groepwerk in die swart plaaswerkgemeenskap toegepas moet word. Die lede van 'n ander kultuur moet deur die maatskaplike werker aanvaar word as unieke individue ten spyte van kultuurverskille. Hierdie diversiteit wat tussen die maatskaplike werker en die lede kan voorkom, moet deur die maatskaplike werker gerespekteer en aanvaar word. Die voorwaarde word deur Du Bois en Miley (1999:65) beaam deurdat hulle daarop wys dat die maatskaplike werker oor basiese kennis van kulture moet beskik, maar steeds elke kliënt as 'n individu met 'n eie kulturele agtergrond moet benader. Om kultuursensitief te wees beteken dat die maatskaplike werker opregte waardering vir die kliënt se uniekheid openbaar en hom/haar menswaardig hanteer.

Die maatskaplike werker moet kennis dra van haar eie kultuur, die kliënt se kultuur sowel as die sosio-politieke stelsels waarvan hulle deel uitmaak (Corey & Corey, 1997:40).

Bernstein en Van Rooyen (1994:377) haal die volgende aan: “Zszayokwe(1990), in an analysis of black communities’ response to AIDS, added that most groups do not condone open discussion of sex”. Programme moet dus ontwerp word wat kultuursensitief is maar wat die swart plaaswerkersgemeenskap bewus sal maak van die noodsaaklikheid daarvan om die onderwerp te bespreek.

Poligamie (om meer as een vrou te hê) is ook ‘n kulturele faktor wat ‘n groot rol speel in die verspreiding van VIGS. Alhoewel baie lande deur die Europese stelsel wat monogamie aanmoedig, beïnvloed word, verkies die tradisionele Afrika-stelsel die poligame huwelik. Monogamie is dus ‘n onrealistiese doelwit (Buseh et al., 2001:120). Baie van die vroue is by saamwoonverhoudings betrokke, wat beteken dat hulle meer as een bedmaat het, wat die kans vir die verspreiding van MIV/VIGS laat toeneem. Deur verskeie bedmaats te hê word die vrou se finansiële posisie verbeter (Buseh et al., 2001:120). Ook word saamwoon as ‘n meer buigsame, vrye en gelyke verhouding deur die vroue beskou, in teenstelling met die huwelik wat gewoonlik geassosieer word met manlike oorheersing (Erasmus & Ryke, 2004:384). Die boodskap van een bedmaat gaan dalk nie so effektief wees as laasgenoemde feit tydens die opstel van ‘n program, wat spesifiek op die plaaswerker fokus, beklemtoon word nie.

Kultuurverskille moet met die aanbod van die program in ag geneem word en elementêre taal moet gebruik word om inligting oor te dra. Daar moet dus op woordgebruik gelet word. Bernstein en Van Rooyen (1994:377) sê in hierdie verband dat elementêre woorde soos kondoom, virus en immuunstelsel in die woordeskatte van baie van die Afrika-tale nie eens bestaan nie. Die term “soldate” (wat gebruik word om die immuunstelsel wat deur MIV/VIGS afgetakel word te verduidelik) kan dalk ‘n politieke konnotasie hê (Bernstein & Van Rooyen, 1994:377) en die bedoeling van die boodskap dus ondermyn. Eenvoudige woordgebruik wat die swart plaaswerker se leefwêreld betree, is van die allergrootste belang.

#### **7.4 RESPONDENTE SE MENINGS OOR DIE GROEPWERKPROGRAM**

Op die vraag of respondente in ‘n groepwerkprogram belang stel, het 99 (99%) respondente te kenne gegee dat hulle wel belang stel, terwyl slegs 1 (1%) aangedui het dat hy/sy nie bereid is om groepbyeenkomste by te woon nie.

Die respondente het die volgende onderwerpe vir bespreking verkies:

**TABEL 7: ONDERWERPE VIR BESPREKING**

	Onderwerp	Ja	Nee
7.4.1	Inligting oor MIV/VIGS	99 (99%)	1 (1%)
7.4.2	Inligting oor die beoefening van veiliger seks	99 (99%)	1 (1%)
7.4.3	Kommunikasie- en onderhandelingsvaardighede	92 (92%)	8 (8%)
7.4.4	Hoe om my kind op te voed ten opsigte van seks	96 (96%)	4 (4%)
7.4.5	Hoe om die Vigs-pasiënt te versorg	99(99%)	1 (1%)
7.4.6	Verhoudings met my kinders en eggenoot	91 (91%)	9 (9%)
7.4.7.	My regte ten opsigte van seksuele aangeleenthede soos verkragting	98 (98%)	2 (2%)
7.4.8	Effektiewe geldbesteding	96 (96%)	4 (4%)

Tydens die ondersoek het baie respondente te kenne gegee dat sulke gevalle van verkragting dikwels nie by die polisie aangemeld word nie. Ander onderwerpe wat vir bespreking genoem is, is: kinderopvoeding en- versorging, alkoholmisbruik en higiëne.

## **8. RIGLYNE VIR 'N GROEPWERK-VOORKOMINGSPROGRAM**

### **8.1 DIE DOEL VAN DIE PROGRAM**

Die doel van die program is om lede met kennis oor MIV/VIGS te bemagtig, om hul lewensvaardighede te ontwikkel en om die regte houding by die plaaswerkersgemeenskap ten opsigte van MIV/VIGS te kweek.

Die volgende doelwitte is uit bogenoemde geformuleer:

- Om groeplede met kennis aangaande MIV/VIGS te bemagtig.
- Om die groeplede met lewensvaardighede soos effektiewe geldbesteding, ouerskapvaardighede en kommunikasievaardighede toe te rus.

- Om die regte houding teenoor MIV/VIGS en die beoefening van “veilige seks” by groeplede te kweek.

## 8.2 VOORGESTELDE PROGRAM

Voor die program saamgestel is, is programme wat die voorkoming van MIV/VIGS ten doel gehad het, bestudeer (Masisi, 2002; Sito, 2004; Strydom, 2002; Strydom, 2005). Vanuit die behoeftebepaling wat gedoen is, word die volgende riglyne vir die groepwerk-intervensieprogram in Tabel 8 weergegee. Die inhoud van 14 byeenkomste word weergegee. Die byeenkomste kan volgens die behoeftes van die groeplede gekies word.

**TABEL 8: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VOORGESTELDE PROGRAM**

Aantal byeenkomste	Onderwerp	Duur van onderwerp	Aard van die onderwerp	Program-aktiwiteite
Eerste byeenkoms	<b>Oriëntasie</b>	1 Sessie	* Ken mekaar * Behoefte-bepaling t.o.v. verdere onderwerpe * Opstel van groeppreëls * Kontraktering	* Ysbreker * Groep-besprekings
Tweede byeenkoms	<b>Selfkennis</b>	1 Sessie	* Waarom moet ek selfkennis hê? * Wat is 'n selfbeeld? * Hoe lyk 'n goeie selfbeeld teenoor 'n swak selfbeeld? * Wie is ek?	* Groep-bespreking * Collage * Plakkate
Derde byeenkoms	<b>Kommunikasie en onder-handeling</b>	1 Sessie	*Hoe kommunikeer 'n mens? *Hoe onderhandel 'n mens? *Wat behels nie-	* Groep-bespreking * Rollespel

			verbale kommunikasie?	
Vierde en Vyfde byeenkomste	<b>Ouerskap- vaardighede</b>	2 Sessies	* Watter komponente is nodig in 'n ouer- en-kind-verhouding? * My rol as ouer * Die rol wat ek as ouer speel in die ontwikkeling van my kind	* Rollespel * Scenario's * Groep- bespreking
Sesde Byeenkoms	<b>My verhouding met my eggenoot</b>	1 Sessie	* Wat is my en my maat se temperament? * Hoe beïnvloed die temperamentverskille mekaar? * Hoe kan ek konflik effektief hanteer?	* Groep- bespreking * Rollespel
Sewende byeenkoms	<b>Effektiewe geldbesteding</b>	1 Sessie	* Hoe kan ek geld deur my kooppatroon bespaar? * Waarvoor moet ek begroot en hoe begroot 'n mens?	* Gonsgroepe * Groep- bespreking
Agste byeenkoms	<b>Seksuele aangeleent-hede</b>	1 Sessie	* Die gebruik van voorbehoedmiddels * Tipes voorbehoed- middels * Seksueel oordraagbare siektes	* Pamflette * Groep- bespreking * Gonsgroepe
Negende byeenkoms	<b>My regte ten opsigte van seksuele</b>	1 Sessie	* Tipes mishandeling * Hoe ek verkragting kan voorkom	* Groep- bespreking * Rollespel

	<b>aangeleent-hede soos verkragting en mishandeling</b>		* Hoe ek dit kan voorkom * Hoe moet ek optree en waar kry ek hulp?	* Gonsgroepies
Tiende Byeenkoms	<b>Wat is MIV/VIGS en hoe word dit oorgedra?</b>	1 Sessie	* Wat is MIV/VIGS? * Hoe word dit oorgedra?	* Plakkate * Groepbespreking * Storievertelling
Elfde en Twaalfde byeenkomste	<b>Die fases van MIV/VIGS en die versorging van VIGS-pasiënt</b>	2 Sessie	* Die fases van MIV/VIGS * Toetsing van MIV/VIGS * Dieet-riglyne * Oefening	* Plakkate * Groepbespreking * Demonstrasie * Werkkaarte
Dertiende byeenkoms	<b>Hoe lig ek my kind in oor seksuele aangeleent-hede</b>	1 Sessie	* Waarom moet ek my kind inlig? * Watter inligting moet op die onderskeie ouderdomme aan kinders oorgedra word?	* Rollespel * Groepbespreking
Veertiende byeenkoms	<b>Terminering en samevatting</b>	1 Sessie	* Samevatting * Evaluering van program	* Groepbespreking * Voltooiing van vraelyste

### 8.3 UITEENSETTING VAN VOORGESTELDE PROGRAM

#### 8.3.1 Eerste byeenkoms: Oriëntering

- **Doelwitte:**

- Om die groeplede aan mekaar bekend te stel en sodoende aandag te skenk aan die kenverhouding.
- Om die taak van die maatskaplike werker en die lede uiteen te sit.
- Om die doel van die groep sowel as die groeprëls uiteen te sit.

- Om 'n werkooreenkoms met die groeplede te sluit

- **Programaktiwiteite**

Die lede word deur middel van 'n **ysbreker** aan mekaar bekend gestel. 'n **Groepbespreking** word gehou oor reëls wat die groeplede en die maatskaplike werker as belangrik ag.

- **Verloop van die byeenkoms**

Elke groeplid moet die geleentheid gegun word om hom-/haarself voor te stel. Daar kan van 'n ysbreker gebruik gemaak word. Die maatskaplike werker moet die doel en die reëls van die groep bespreek. Lede moet by die neerlê van groepreëls betrek word deur hulle te versoek om ook 'n paar reëls te noem wat hulle in die groep wil implementeer. Die rol van die maatskaplike werker en van die lede moet duidelik uiteengesit word. Die onderwerpe vir bespreking moet ook met lede bespreek word en hulle moet die geleentheid gegun word om nog onderwerpe by te voeg, indien nodig.

### 8.3.2 Tweede sessie: Selfkennis

- **Doelwitte:**

- Om groeplede met selfkennis te bemagtig deur middel van 'n collage.
- Om die groeplede vertrouwd te maak met die term “selfbeeld” deur middel van 'n groepbespreking.
- Om lede te bemagtig met vaardighede vir die uitbouing van 'n positiewe selfbeeld.

- **Programaktiwiteite**

Die lede sal die geleentheid kry om elkeen 'n **collage** te maak wat voorstel wie hulle is, waarna 'n **groepbespreking** sal volg. **Plakkate** sal gebruik word om die term "selfbeeld" te verduidelik.

- **Verloop van die byeenkoms**

Die lede moet die geleentheid gegun word om 'n collage te maak waarin hy homself beskryf, waarna 'n groepbespreking sal volg. Die term “selfbeeld” moet verduidelik word (Roux, 2002:224-225), en die maatskaplike werker moet verduidelik hoe iemand met 'n positiewe selfbeeld lyk teenoor iemand met 'n swak selfbeeld (Van Staden, 1988:29; Roux, 2002:225) .

Tydens die groepsbespreking moet wyses bespreek word waarop lede hul selfbeeld kan verbeter (Strydom, 1990:211). Die lede sal ook die geleentheid gegun word om 'n goeie eienskap van 'n ander lid te noem om daardeur die lede tot die insig te lei dat 'n positiewe opmerkings oor ander van groot waarde vir hul eie en ander se selfbeeld is.

### **8.3.3 Derde byeenkoms: Kommunikasie en onderhandeling**

#### **• Doelwitte;**

- Om lede met doeltreffende verbale sowel as nie-verbale kommunikasievaardighede te bemagtig.
- Om groeplede bewus te maak van struikelblokke wat in kommunikasie voorkom.

#### **• Programaktiwiteite**

'n **Groepsbespreking** oor die belangrikheid van kommunikasie sal volg. **Rollespel** kan gebruik word om die vaardighede van die doeltreffende stuur en ontvang van boodskappe prakties toe te pas.

#### **• Verloop van die byeenkoms**

Die belangrikheid van doeltreffende kommunikasie moet in groepverband bespreek word (Cilliers, 1998:87). Vaardighede om 'n boodskap te stuur en te ontvang sal bespreek word (Hopson & Scally, 1984:84-95). Nie-verbale kommunikasie en die betekenis wat daaraan geheg word, sal volgens Hopson en Scally (1984:102-103) se riglyne bespreek word. Die vaardighede sal ook deur middel van rollespel in groepe van twee geïllustreer word. Struikelblokke kan deur middel van groepsbespreking uitgewys word. Riglyne vir doeltreffende onderhandeling sal deur die maatskaplike werker verskaf word, waarna scenario's aan gonsgroepe gegee sal word met die doel om die riglyne toe te pas.

### **8.3.4 Vierde en Vyfde byeenkoms: Ouerskapvaardighede**

#### **• Doelwitte:**

- Om lede tot insig te lei oor watter komponente nodig is in 'n ouer-en-kindverhouding.
- Om lede bewus te maak van hul belangrike rol as ouer in hul kind se lewe.
- Om ouers te bemagtig om 'n effektiewe bydrae te lewer tot die ontwikkeling van die kind.

- Om ouers se vaardighede te versterk om dissipline met die nodige warmte en deernis toe te pas.

- **Programaktiwiteite**

'n **Groepbespreking** oor die stimulering van kinders, die rol van die ouer in die kind se lewe en die toepassing van dissipline sal tydens hierdie byeenkoms plaasvind. Deur middel van **scenario's** sal die lede die geleentheid kry om die vaardighede toe te pas.

- **Verloop van die byeenkoms:**

Daar sal eerstens op die belangrike rol wat die ouer in die kind se lewe speel, gelet word. Klem sal veral gelê word op die rol van die pa (Roos & Vlok, 2004:17). Daar sal ook aandag geskenk word aan die kind se breinontwikkeling en nodige intellektuele stimulering wat daarmee gepaard gaan (Roos & Vlok, 2004:3). Die ontwikkeling van die kind se selfbeeld asook reaksies wat dit negatief en positief beïnvloed, sal bespreek word (Louw et al., 2001:348; Roos & Vlok, 2004:12-13). Die emosionele ontwikkeling van die kind sal ook aandag geniet (Louw et al., 2001:349-354; Roos & Vlok, 2004:3). Dissipline en hoe dit toegepas word, sal ook bespreek word (Roos & Vlok, 2004:12-13). Die maatskaplike werker sal scenario's skep waarin die groeplede deur middel van groepbespreking praktiese oplossings moet vind.

### 8.3.5 Sesde byeenkoms: Verhouding met my eggenoot

- **Doelwitte:**

- Om aan elke groeplid die geleentheid te gee om met sy temperament te identifiseer.
- Om die groeplede met konflikhanteringsvaardighede te bemagtig.
- Om by lede insig te ontwikkel ten opsigte van watter komponente tot 'n gelukkige huwelik bydra.

- **Programaktiwiteite**

Deur middel van **groepbespreking** sal lede die verskillende temperamenttipes bespreek waarmee hulle hulself en hul maat assosieer. Konflikhantering sal deur middel van **rollespel** aangeleer word.

- **Verloop van die byeenkoms**

Die lede sal elk hul temperament bepaal, en die optrede van elke temperament in die huwelik sal in groepverband bespreek word (Moll, 1991:20-42). Groeplede sal met vaardighede toegerus word om konflik in die huwelik te hanteer (Brown & Brown, 2002:138-139). Die groep sal hierna aan rollespel deelneem met die doel om die vaardighede in te oefen. Komponente soos rolverdeling, wat 'n belangrik rol in die huwelik speel, sal ook bespreek word (Moll, 1991:122-151).

### 8.3.6 Sewende byeenkoms: Effektiewe geldbesteding

- **Doelwitte:**

- Om by groeplede 'n effektiewe geldbestedingspatroon aan te leer en te vestig.
- Om insig by ouers te bewerkstellig rakende die rol wat 'n ouer in die kind se opvoeding met betrekking tot effektiewe geldbesteding speel.
- Om ouers met vaardighede te bemagtig om hul kinders oor effektiewe geldbesteding op te voed.

- **Programaktiwiteite**

Lede sal in gonsgroepe verdeel word en verskillende items koop. 'n **Groepbespreking** sal daarna plaasvind om te bepaal of daar oordeelkundig te werk gegaan is. Groeplede sal in **gonsgroepe** 'n maandelikse begroting opstel en dit weer in groepverband bespreek. Daar sal 'n **groepbespreking** plaasvind oor hoe die ouer die kind kan leer om geld oordeelkundig te bestee.

- **Verloop van die byeenkoms**

Groeplede word elk van 'n beperkte bedrag 'monopolie'-geld en 'n plastieksak voorsien waarmee hulle voedsel vir 'n week lank vir 'n gesin van vyf moet gaan koop. (Uitgeknippte prentjies van voedselware sal as voorbeeld dien). Daarna sal lede hul inkopies in die groep bespreek — onderwerpe soos of die prys nie te hoog is nie en of hulle ander voedsel kon gekoop het wat meer mense kon voed. Die maatskaplike werker sal 'n inset lewer met betrekking toe begroting en elke lid sal versoek word om hierna sy eie begroting op te stel. Die bevindinge van elkeen sal in groepverband bespreek word. Die take van die ouer om die kind op te voed met

betrekking tot effektiewe geldbesteding sal ook aandag geniet (Kroon, 2000:131). Daar sal veral op die gee van sakgeld gelet word (Kroon, 2000:132).

### **8.3.7 Agste byeenkoms: Seksuele aangeleenthede**

#### **• Doelwitte:**

- Om insig by groeplede te ontwikkel oor die waarde van die gebruik van voorbehoedmiddels en hoe dit aangewend kan word.
- Om by groeplede insig te laat ontwikkel oor die gevolge van 'n losbandige lewenstyl.

#### **• Programaktiwiteite**

Om deur middel van **pamflette** en **groepbespreking** die verskillende tipes voorbehoedmiddels te bespreek, asook die doeltreffende gebruik daarvan. Deur **gongroeplede** tot insig te lei wat betref die gevolge van 'n losbandige lewenstyl.

#### **• Verloop van die byeenkoms**

Die maatskaplike werker moet die byeenkoms inlui deur pamflette onder lede te versprei. Die groeplede moet die betekenis van verskeie voorbehoedmiddels bespreek. Die maatskaplike werker kan veral die effektiewe gebruik daarvan bespreek (Roux, 2002:200; Soul City, 2004:8-9). Verskillende tipes geslagsiektes kan bespreek word deur 'n pamflet te gebruik waarin feite duidelik uiteengesit word.

### **8.3.8 Negende byeenkoms: My regte**

#### **• Doelwitte:**

- Om aan die lede verskillende tipes mishandeling uit te lig.
- Om groeplede te bemagtig met vaardighede wat hulle in sulke situasies op te tree.

#### **• Programaktiwiteite**

Pamflette sal benut word om 'n **groepbespreking** oor menseregte te lei. **Gonsgroepe en rollespel** sal gebruik word om die regte te demonstreer. **Gonsgroepe en groepbesprekings** sal gebruik word om lede van hul regte bewus te maak en ook hulle te bemagtig ten opsigte van hoe om in situasies op te tree.

- **Verloop van die byeenkoms**

'n Groepbespreking oor wat menseregte is, sal plaasvind, en ook oor die verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan (Die Suid-Afrikaanse Regtekommissie, 1998). Daar sal na die handves van menseregte gekyk word (Die Suid-Afrikaanse Regtekommissie, 1998). Gonsgroepe sal gevorm word en verskeie scenario's sal gebruik word sodat lede hul regte in die praktyk ook sal kan uitoefen. 'n Groepbespreking sal plaasvind sodat lede bewus sal word van hul regte.

### **8.3.9 Tiende byeenkoms: Wat is MIV/VIGS en hoe word dit oorgedra?**

- **Doelwitte:**

- Om lede met kennis oor wat MIV/VIGS behels, te bemagtig.
- Om insig by lede te ontwikkel oor hoe persone met die virus geïnfecteer kan word.
- Om insig by lede te ontwikkel oor die invloed wat alkohol en dwelmgebruik op hul gesondheid kan hê.

- **Programaktiwiteite**

**Plakkate** sal benut word om die oordrag van MIV/VIGS te demonstreer. **Groepbesprekings** sal gebruik word om die invloed van alkohol en dwelmmisbruik in die verspreiding van MIV/VIGS te bespreek, sowel as die voorkoming daarvan.

- **Verloop van die byeenkoms**

Die maatskaplike werker sal deur middel van plakkate demonstreer wat MIV/VIGS is en die betekenis van die terme. Die groepleier sal deur middel van storievertelling (Departement Gesondheid, 1996) inligting oor hoe MIV/VIGS versprei word, aan die lede oordra (Evian, 2000:13-22; Roux, 2002:193-202; Visagie, 1999:19-22; Soul City,1998:10). Die invloed wat alkohol en dwelms in die verspreiding van MIV/VIGS het, sal ook bespreek word (Evian,

2000:21; Strydom, 2002:259-260) Ook sal wyses van voorkoming aan lede uitgewys word deur verwysing na die bespreking van die vorige byeenkoms.

### **8.3.10 Elfde byeenkoms: Die fases van MIV/VIGS en die versorging van die VIGS-pasiënt**

#### **• Doelwitte:**

- Om insig by die lede te ontwikkel oor die simptome van MIV/VIGS en die verskillende fases waarmee die virus gepaard gaan.
- Om insig by groeplede te ontwikkel dat geïnfekteerde persone steeds 'n lewe van hoë gehalte kan voer deur sekere dieet-riglyne te volg.

#### **• Programaktiwiteite**

'n **Groepbespreking** sal plaasvind oor die fases van MIV/VIGS sowel as oor die dieet-riglyne wat geïnfekteerde persone kan volg. **Plakkate** en **werkkaarte** sal ook deurentyd gebruik word om die dieet-riglyne te demonstreer.

#### **• Verloop van die byeenkoms**

Deur middel van groepbesprekings moet die lede bespreek wat die verskil tussen MIV en VIGS is. Die groepleier moet dan 'n inset lewer oor die verskil tussen MIV en VIGS en ook die fases van MIV/VIGS met die lede bespreek (Evian, 2000:28-35). Daar kan begin word met die bespreking van dieet-riglyne vir persone wat MIV-positief is (Fields-Garner et al., 1997:46; Meer, 1994:189-196; Soul City, 2004:24-25; Roux, 2002:208-214).

### **8.3.11 Twaalfde byeenkoms: Die versorging van die VIGS-pasiënt**

#### **• Doelwitte:**

- Om die insig by groeplede te ontwikkel dat geïnfekteerde persone steeds 'n lewe van hoë gehalte kan voer deur sekere dieet-riglyne te volg.
- Om insig by groeplede te ontwikkel dat 'n gebalanseerde dieet met 'n oefenprogram gekombineer moet word om lewensgehalte te verhoog.

- **Programaktiwiteite**

**Plakkate en werkkaarte** sal ook deurentyd gebruik word om die dieet-riglyne te demonstreer. Nadat die groepleier die oefening gedemonstreer het, sal die lede dit self ook uitvoer sodat hulle dit prakties kan toepas.

- **Verloop van die byeenkoms**

Die groepleier moet die bespreking van die vorige byeenkoms kortliks saamvat. Daarna word verdere dieet-riglyne bespreek (Fields-Garner et al., 1997:46; Meer, 1994:189-196; Soul City, 2004:24-25; Roux, 208-214). Oefeninge word aan die lede gedemonstreer en elke lid sal die geleentheid kry om self die oefeninge uit te voer (Roux, 2002:220-222).

### **8.3.12 Dertiende byeenkoms: Hoe lig ek my kind oor seksuele aangeleenthede in?**

- **Doelwit:**

- Om ouers met vaardighede te bemagtig ten opsigte van hoe om hul kinders in verskeie ouderdomsgroepe op 'n gepaste wyse oor MIV/VIGS en seksuele aangeleenthede in te lig.

- **Programaktiwiteite**

Na 'n inset van die groepleier sal die groeplede deur middel van **rollespel** demonstreer hoe inligting oor seksuele aangeleenthede aan kinders van verskillende ouderdomme oorgedra word.

- **Verloop van die byeenkoms**

Die lede moet in gonsgroepe verdeel en dan onder mekaar bespreek watter inligting aan kinders oor seksuele aangeleenthede op watter ouderdomme verstrekkend moet word. Die gonsgroepe moet terugvoer gee waarop 'n groepsbespreking kan volg. Die groepleier moet dan 'n inset lewer oor die onderwerp. Daarna verdeel die groep weer in gonsgroepe en demonstreer hoe hul onderskeie ouderdomsgroepe oor MIV/VIGS sal inlig.

### **8.3.13 Veertiende byeenkoms: Terminering**

- **Doelwitte:**

- Om die onderwerpe wat bespreek is, saam te vat.
- Om die waarde wat die program vir die groeplede inhou, te evalueer.

#### ● Programaktiwiteite

'n Groepbespreking en evalueringsvorms sal gebruik word om die waarde van die groep te bepaal.

#### ● Verloop van die byeenkoms

Die maatskaplike werker moet die onderwerpe opsom. Elke lid sal ook die geleentheid gegun word om sy ervaring van die groep en die effektiwiteit van die bespreekte onderwerpe weer te gee. Evalueringsvorms sal ook deur die groeplede ingevul word om die effektiwiteit van die program sowel as die individuele groei wat by elke lid plaasgevind het, vas te stel.

### 9. GEVOLGTREKKING

Die navorsing bewys dat onkunde onder die swart plaaswerkersgemeenskap ten opsigte van MIV/VIGS van 'n ernstige aard is. Verskeie wanpersepsies oor die oordrag van die siekte kom voor, en negatiewe houdings heers oor geïnfecteerde persone.

Groepwerk-intervensieprogramme word aanbeveel as 'n geskikte metode om voorkomingsdienste onder die swart plaasgemeenskap te lewer. Groepwerkprogramme kan gebruik word om plaaswerkers met kennis en vaardighede te bemagtig wat hul lewensgehalte sal verbeter en MIV/VIGS sal voorkom.

### 10. AANBEVELINGS

- Meer navorsing oor die swart plaaswerkersgemeenskap is nodig om meer kennis oor hul behoeftes en lewenstyl te verkry.
- Navorsing kan onderneem word om die invloed van die voorgestelde groepwerkprogram ter voorkoming van MIV/VIGS, onder die swart plaaswerkersgemeenskappe, te evalueer.
- Groepwerk-intervensieprogramme word aanbeveel as 'n effektiewe metode wanneer voorkomingsdienste onder die swart plaaswerkersgemeenskap gelewer word.

## 11. BIBLIOGRAFIE

- ALLEN, D.M., SIMELELA, N.P. & MAKUBALO, L. 2000. Epidemiology of HIV/AIDS in South Africa. *Southern African Journal of HIV medicine*:9-11, Jul. (Launch issue)  
Aids Epidemic Update. Desember 2005. [www.unaids.org/epi/2005/doc/report.html](http://www.unaids.org/epi/2005/doc/report.html).
- BAR-ON, A. 2003. Culture: Social work's new deluge? *Social work/Maatskaplike werk*, 39(4):305, Oktober.
- BEKKER, R. & RIFFE, H.A. 2001. International collaboration, capacity building and HIV prevention: From rural areas to developing countries. *The social practitioner-researcher*, 13(1):20, June.
- BERSTEIN, A.J. & VAN ROOYEN, C.A.J. 1994. Socio-cultural factors and their importance in working with people with aids in South Africa. *Social Work/Maatskaplike werk*, 30(4):375-382, Oktober.
- BROWN, J.H. & BROWN, C.S. 2002. *Martial Therapy: Concept and skills for effective practice*. USA: Brooke & Cole.
- BUSEH, A.G., GLASS, L.K. & MCELMURRY, B.J. 2001. Educating women about HIV/AIDS: some international comparison. *Health care for women international*, 23(2):173 (8 p.), Mar. [In EBSCOHost : Academic Search, Full display : <http://www.-sa.ebsco.com>.] (Date of access: 14 January 2005)
- CILLIERS, E. 1998. *Ons gesin in die kol*. Pretoria-Wes : Gutenberg Boekdrukkers.
- COMPTON, B.R. & GALAWAY, B. 1999. *Social work processes*. Pacific Grove: Brooks/Cole.
- COREY, M.S. & COREY, G. 1997. *Groups process and practice*. London: Brooks/Cole.
- DIE SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMMISSIE. 1998. *My regte jou regte*. Kaapstad: CTP.
- DEPARTEMENT GESONDHEID. 1998. *AIDS in our community*. Johannesburg: Jacana Education.
- DEPARTEMENT GESONDHEID. 1996. *Heart to Heart: From love to true love*. Melville: The storyteller group.

- DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots for the social sciences and human services profession. Pretoria: Van Schaik.
- DU BOIS, B. & MILEY, K.K. 1999. Social work: an empowering profession. London: Allyn and Bacon.
- DU PREEZ, M.S.E. 1986. Maatskaplike Groepwerk: teorie en praktyk. Johannesburg : Keartland Press
- ERASMUS, A. & RYKE, E.H. 2004. Die ongetroude Tswana vrou se persepsie van die huwelik. *Social work/Maatskaplike werk*, 40(4):384.
- EVIAN, C. 2000. Primary AIDS care: a practical guide for primary health care personnel in the clinical and supportive care of people with HIV/AIDS. Johannesburg: Jacana Education.
- FIELDS-GARNER, M.S., THOMSON, C.A. & RHODES, S.S. 1997. A clinical guide to nutrition in HIV and AIDS. Chicago: The American Dietetic Association.
- FRASER-MOLEKETI, G.J. 1999. Women in partnership against AIDS. Pretoria: Newsletter, Ministry for Welfare and Population Development, 1-8, 26 Jan.
- GENTRY, M.E. 1984. Developments in activity analysis: recreation and group work revisited. *Social work with groups*, 7(1):35-44.
- GREEN, J. 2005 South Africa's HIV infection rate soars from 1% to 30%. Pretoria News: November.
- GRINNELL, R.M. 1993. Social work research and evaluation. Itasca: Peacock Publishers.
- HOPSON, B. & SCALLY, M. 1984. Life skills teaching programmes. No. 1. Leeds: Leeds University Printing Services.
- KROON, S. 2000. Die ontwikkeling van entrepreneursgerigte ouerskapvaardighede: Die taak van die maatskaplike werker. Potchefstroom : PU vir CHO (Verhandeling – PhD MWK.)
- LOUW, D.A., LOUW, A.E. & VANEDE, D.M. 2001. Menslike ontwikkeling. Kagiso Tersiër: Kaapstad.
- MASISI, G.L. 2002. Teenage pregnancy in the black farming community: Guidelines for a Social work preventative programme. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit (Verhandeling - MA MWK.)
- MEER, R. 1994. AIDS and food safety. (In Watson, R.R., ed. Nutrition and AIDS. London: CRC Press. p.189-199.)

- MITTON, J. 2000. The sociological spread of HIV/AIDS in South Africa. *Journal of the association of nurses in AIDS Care*, 11(4):17-26.
- MOLL, A. 1991. Kom ons wen saam. Pretoria: Femina Uitgewers.
- NORTHEN, H. 1998. Ethical dilemmas in social work with groups. *Social work with groups*, 21(1/2):5-17.
- POTGIETER, M.C. 1998. The social work process: development to empower people. Cape Town: Prentice Hall.
- REID, K.E. 1991. Social work practice with groups: A clinical perspective. Pacific Grove: Brooks/Cole.
- ROOS, M. & VLOK, M. 2004. Geniet jou kind tydens voorskoolse jare. Pretoria: Roos Uitgewers.
- ROUX, A.A. 1997. Maatskaplike groepwerk. Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat D168/97.)
- ROUX, A.A. 2002. Evaluering van 'n groepwerk hulpverleningsprogram met MIV-positief/VIGS-pasiënte. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Verhandeling - D.Phil.) 356 p.
- SALONER, K.L. 2002. Rising to the challenge: The critical role of social workers in the face of the HIV/AIDS pandemic. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 38(2):154-160.
- SITO, M.M. 2004. A preventative group work programme on HIV/AIDS for high school learners in a rural area. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit (Verhandeling – MA MWK.)
- SOUL CITY. 2004. MIV- en VIGS- en behandeling. Johannesburg: Jacana Education.
- SPIES, M. 1999. "n Multi-dissiplinêre benadering ten opsigte van die MIV/VIGS-pasiënt: 'n geneeskundige maatskaplikewerk-ondersoek. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- STEYN, M.M. 2001. Onderhoudvoering. Potchefstroom : PU vir CHO. (Diktaat MWK111/121)
- STRYDOM, C. 1990. Die gebruikmaking van maatskaplike groepwerk in die uitbouing van die adolossente dogter se selfbeeld. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - MA MWK.)
- STRYDOM, H. & VAN HEERDEN, L. 2004. Die kennis en behoeftes van die vroeë swart adolossent ten opsigte van lewensvaardighede. *The social work practitioner-researcher/Die maatskaplike werk navorsers-praktisyn*, 16(3):341-363, Nov.

- STRYDOM, H. 2005. A group work programme on HIV/AIDS prevention for people living with disabilities. *Navorsers-praktisyn/Practitioner researcher*, 17(2):143-158, Jul.
- STRYDOM, H. 2003. Maatskaplike werk-navorsing. Potchefstroom: PU vir CHO. 268p. (Studiegids D18/2003).
- STRYDOM, C. 2002. Evaluation of HIV/AIDS programme for students at a tertiary institution with emphasis on peer group involvement. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - PhD MWK.)
- TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 1998. An introduction to groupwork practice. London: Allyn and Bacon.
- TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2005. An introduction to groupwork practice. London: Allyn and Bacon.
- UNAIDS. 2005. Report on the global HIV/AIDS epidemic. Switzerland: ???
- VAN STADEN, S. 1988. My groei en ontwikkeling as mens. 'n Praktiese riglyn vir ontwikkelingsprogramme. Pretoria-Wes: Gutenberg Boekdrukkers.
- VISAGIE, C.J. 1999. The complete story of HIV and AIDS: a practical guide for the ordinary sexually active person. Pretoria: Van Schaik.
- WESSELS, C.C. 2003. Die opstel en evaluering van 'n maatskaplike-bemagtigingsprogram vir gesinne van MIV-positiewe/Vigs-pasiënte. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – D.Phil.).
- ZASTROW, C. 2001. Social work with groups: using the class as a group leadership laboratory. Grove Calif. : Brookes/Cole.

## **AFDELING D**

### **SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

#### **1. INLEIDING**

Ondersoek is gedoen na die vlak van kennis, houdings en oortuigings van die swart plaaswerkersgemeenskap ten opsigte van MIV/VIGS. Op grond van die behoeftebepaling is riglyne vir 'n groepwerkvoorkomingsprogram geformuleer.

#### **2. SAMEVATTING**

Deur 'n selfopgestelde skedule is die vlak van kennis en die houding van die plaaswerkers ten opsigte van MIV/VIGS vasgestel. Uit die ondersoek blyk dit daar wel 'n behoefte by die plaaswerker is om meer kennis te bekom omtrent MIV/VIGS en daar houdings bestaan wat verandering verg. Tydens die ondersoek het die meerderheid respondente aangedui dat hulle aan 'n groepwerkhulpverleningsprogram wil deelneem. Die behoeftes van die plaaswerker is eers ondersoek, aangesien die groepwerkprogram in hul behoeftes moet voorsien. 'n Groepwerkprogram is saamgestel uit die behoeftes wat na vore gekom het en kan met groot sukses aangewend word ten einde MIV/VIGS te voorkom en die gemeenskap maatskaplik beter te laat funksioneer. Groepwerk as 'n metodiek van maatskaplike werk kan dus aangewend word in die hulpverlening aan die plaaswerkersgemeenskap om die MIV-virus hok te slaan.

#### **3. GEVOLGTREKKINGS**

Die ondersoek het beklemtoon dat respondente se kennis ten opsigte van MIV/VIGS beperk is. Daar heers wanpersepsies onder die gemeenskap ten opsigte van oordragswyse van MIV/VIGS. Die studie het getoon dat die plaaswerkersgemeenskap nie 'n duidelike omskrywing van MIV/VIGS kan gee nie.

Die volgende gevolgtrekkings kan uit bogenoemde gemaak word:

- Omdat sommige van die vrae van 'n sensitiewe aard was, is dit moeilik om te sê of die vrae met eerlikheid beantwoord is.
- Uit die navorsing blyk dit dat die kennis van die plaaswerkersgemeenskap rakende MIV/VIGS beperk is. Daar heers ook wanpersepsies en houdings wat verandering verg.

- Die plaaswerker verkeer onder die wanindruk dat MIV/VIGS nie werklik die plaasgemeenskap raak nie en meestal net onder die stedelike bevolking voorkom.
- Aangesien 69% van die respondente verkeerdelik aangedui het dat MIV/VIGS deur 'n hond of muskiet oorgedra kan word en 57% dat MIV/VIGS deur middel van spuug versprei kan word, blyk dit dat wanopvatting voorkom oor die wyses waarop MIV/VIGS oorgedra word.
- Slegs 9% het aangedui dat hulle nie kennis dra van 'n kondoom nie. Alhoewel 73% die gebruik van kondome aanmoedig, het 69% aangedui dat hulle nie kondome tydens seksuele omgang gebruik nie. Die voorkoms van kondoom-gebruik is baie laag in die plaasgemeenskap, en die gebrekkige infrastruktuur moet in ag geneem word.
- Alhoewel daar nie 'n spesifieke vraag was om die tendens te toets nie, het dit uit die studie geblyk dat baie van die respondente die kondoom as 100% beveiliging teen MIV/VIGS beskou.
- Met inagneming van getalle wat voorstanders is van die MIV-toets, veral ten opsigte van die werksituasie, blyk daar ook vrees onder die plaasgemeenskap te bestaan vir moontlike infektering. Laasgenoemde hou ook verband met die wyse van oordrag ten opsigte van MIV/VIGS.
- As kennis geneem word van die feit dat plaaswerkers (56%) meen dat daar nie werklik 'n oplossing vir die bekamping van MIV/VIGS is nie, kan die navorser die afleiding maak dat die gemeenskap hulpeloosheid en hopeloosheid ervaar ten opsigte van die bekamping van MIV/VIGS. Deur die bemagtiging van die mense kan die negatiewe houding verander word.
- Groepwerk kan met beide geslagte benut word om MIV/VIGS te voorkom.
- Geen program kan saamgestel word alvorens die behoeftes van die plaaswerkersgemeenskap vasgestel is nie.
- Die aktiwiteite wat die inligting op die beste wyse aan die plaaswerker oordra, moet gekies word.
- Kultuursensitiwiteit is noodsaaklik met betrekking tot die samestel en aanbied van 'n program.
- Groepwerk kan die kennis van die plaaswerkersgemeenskap ten opsigte van MIV/VIGS verbeter en speel 'n belangrike rol in die voorkoming van MIV-infektering by die plaaswerkersgemeenskap.
- Die plaaswerkersgemeenskap is omgewingsgedeprieweerd. Daar moet dus gepoog word om hul

uitkyk oor die lewe te verbreed deur die gemeenskap te bemagtig deur die oordrag van korrekte inligting.

#### **4. AANBEVELINGS**

- Die plaaslike regering, veral die landboudepartement en die gemeenskap, moet daadwerklike pogings aanwend om voorkomingsprojekte ten opsigte van die voorkoming van MIV/VIGS onder die plaaswerkersgemeenskap te loods.
- Maatskaplike werkers moet betrek word om in die behoefte van die plaaswerkersgemeenskap aan kennis ten opsigte van MIV/VIGS te voorsien.
- Kultuur rakende MIV/VIGS-opvoeding moet in ag geneem word tydens die saamstel van die voorkomingsprogramme om sodoende deelname en effektiewe oordrag van inligting te verseker.
- Die beplanning vir 'n groepwerkprogram moet geskied volgens die behoeftes van die plaaswerker.
- Behoeftes kan bepaal word deur 'n eenvoudige skedule te gebruik, aangesien die plaaswerker meestal ongeletterd is. Die maatskaplike werker kan self die skedule voltooi om te verseker dat alle inligting korrek bekom word.
- Dit is belangrik dat daar 'n kontrak met die groeplede gesluit word, sodat die beginsel van vertroulikheid gehandhaaf word. Die maatskaplike werker moet deurentyd daarop let dat die beginsel gehandhaaf word.
- Voorkomingsprogramme moet nie alleen op die beoefening van veilige seks fokus nie, maar moet veral poog om houdings en gedrag rakende seks te verander.
- Die gemeenskap het 'n sterk behoefte aan lewensvaardighede. Laasgenoemde moet dus tydens die samestelling van die program ingesluit word.
- Die grootte van die groep moet van so 'n aard wees dat elke lid individuele aandag kan geniet.
- Geleenthede moet geskep word vir groeplede om self die inisiatief te neem.
- Die groepleier moet sensitief wees vir die behoeftes van die groep en moet buigsaam wees ten opsigte van die aanbieding van groepe.
- Groeplede, veral uit agtergeblewe gemeenskappe, moet blootgestel word aan en ingelig word oor groepwerk (aangesien die meeste nie bekend is met groepwerk of selfs die term

“groepwerk” nie.)

- Gedrag wat seksualiteit en seksuele omgang betref, moet verander word sodat MIV/VIGS voorkom kan word. Dit kan alleenlik gedoen word as die boodskap op 'n meer aggressiewe, tog takvolle, wyse oorgedra word.
- Eenvoudige taalgebruik is van aller belang om te verseker dat die boodskap korrek oorgedra kan word. 'n Opleide tolk kan ook in die verband van groot waarde wees.

## **5. SLOTOPMERKING**

Die taak van die maatskaplike werker ten opsigte van die voorkoming van MIV/VIGS by die plaaswerkersgemeenskap het van kardinale belang geword. Die maatskaplike werker beskik oor die vaardigheid en kundigheid om 'n groot verandering in die land se MIV/VIGS vraagstuk mee te bring.

## ADDENDUM A: KONTRAKTERING

### KONTRAK

Ek \_\_\_\_\_ belowe om

- nie uit te praat oor wat die ander mense by die groep sê nie.
- om die mense in die groep kans te gee om te praat.
- om by elke groepsbyeenkoms te wees.
- om nie lelik saam met die ander te praat nie.
- om goed te sê sodat ek die ander mense ook kan help.
- nie te jok nie.

\_\_\_\_\_  
Handtekening

\_\_\_\_\_  
Datum

\_\_\_\_\_  
Maatskaplike werker

## **ADDENDUM B: VRAELYS**

**Vraelysnommer** .....

### **Vraelys om die houdings, oortuigings en kennisvlak van die plaaswerkgemeenskap ten opsigte van MIV/VIGS te bepaal**

Die MIV-virus is besig om talle lewens onder plaaswerker te eis. Dit behels dat groot getalle plaaswerkers jaarliks opgelei moet word, wat uiters tydrowend en duur is. Navorsing op die gebied is van die uiterste belang vir die samelewing, aangesien die plaaswerker 'n belangrike rol in die land se ekonomie speel.

Die ondersoek het ten doel om die houding, oortuigings en kennis van plaaswerkers ten opsigte van die MIV/VIGS-epidemie te bepaal en ook om verskeie oplossings vir die epidemie te vind. Na die ondersoek sal 'n program saamgestel in 'n poging om die probleem op te los.

Gee dus u eerlike respons. Die skedule word anoniem ingevul; u kan dus nie agterna geïdentifiseer word nie. Dit is ook belangrik dat u daarop sal let dat daar geen regte of verkeerde antwoorde is nie; daar word slegs op u mening staatgemaak.

Dankie vir u samewerking

Me L. Nogueira  
Navorser  
Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

## AFDELING 1: IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

1.1 Geslag van respondent

Manlik	1	Vroulik	2
--------	---	---------	---

1.2 Ouderdom van die respondent

--	--

1.3 Hoogste skolastiese opleiding

--	--

1.4 Moedertaal van respondent

1.5 Is u getroud?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

1.6 Woon u saam met iemand?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

1.7 Het u kinders?

Geen	0
Een	1
Twee	2
Drie	3
Vier	4
Vyf	5
Meer as vyf	

1.8 Hoeveel ander mense bly by u in die huis?

--	--

1.9 Behoort u aan 'n kerk?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

1.10 Wat is u gemiddelde netto gesinsinkomste per maand?

## **AFDELING 2: AGTERGROND TOT DIE SIEKTE**

2.1 Wat verstaan u onder die begrip MIV/VIGS?

2.2 Dink u die omvang van MIV/VIGS neem toe?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

2.3 Indien wel, motiveer u antwoord.

2.4 Dink u die omvang van MIV/VIGS is groter in stedelike gebiede as in landelike gebiede?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

2.5 Motiveer u antwoord.

2.6 Hoe het die virus ontstaan?

2.7 Dink u die bohaai oor MIV/VIGS is bloot 'n manier om mense bang te maak? Motiveer u antwoord.

### AFDELING 3: WYSES VAN OORDRAG VAN MIV/VIGS

		Ja	Nee	Onseker
3.1	Die virus kan deur muskiete en troeteldiere oorgedra word	1	2	3
3.2	Deur dieselfde toilet as 'n MIV-geïnfekteerde persoon te gebruik	1	2	3
3.3	Deur met 'n stukkende deel van jou vel met 'n MIV-geïnfekteerde persoon in aanraking te kom.	1	2	3
3.4	Deur 'n MIV-persoon met die hand te groet	1	2	3
3.5	Deur 'n MIV-persoon te soen	1	2	3
3.6	Deur in aanraking te kom met die speeksel van 'n MIV-geïnfekteerde persoon.	1	2	3
3.7	Deur eetgerei met 'n geïnfekteerde persoon te deel.	1	2	3
3.8	Oordrag van die virus kan ook van 'n moeder na 'n baba geskied.	1	2	3
3.9	Die druk van gaatjies in liggaamsdele met ongesteëliseerde apparaat kan die virus versprei.	1	2	3

### AFDELING 4: VLAK VAN KENNIS TEN OPSIGTE VAN MIV/VIGS

4.1 Weet u wat 'n kondoom is?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

4.2 Dink u 'n kondoom moet tydens seksuele omgang gebruik word?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

4.3 Motiveer u antwoord.

4.4 Kan die pil of geboortebeperkingsinspuiting MIV voorkom?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

4.5 Watter geslag kry makliker MIV?

Mans	1	Vrouens	2
------	---	---------	---

4.6 Motiveer u antwoord?

4.7 Hoe sal iemand te werk gaan om vas te stel of hulle MIV-positief is?

4.8 Kan 'n persoon van MIV genees word?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

4.9 Indien wel, verduidelik hoe te werk gegaan sal word?

4.10 Dra u genoeg kennis van MIV/VIGS?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

#### **AFDELING 5: HOUDINGS EN OORTUIGINGS RAKENDE MIV/VIGS**

		<b>Ja</b>	<b>Nee</b>	<b>Onseker</b>
5.1	Behoort MIV-positiewe persone gratis behandeling te ontvang?	1	2	3
5.2	Verdagte persone behoort verplig te word om hulle te laat toets.	1	2	3
5.3	Daar behoort meer programme oor MIV/VIGS op televisie en radio aangebied te word.	1	2	3
5.4	MIV-persone behoort nie saam met ongeïnfekteerde persone te werk nie	1	2	3
5.5	Jy behoort daaroor ingelig te wees as iemand wat saam met jou werk MIV-positief is	1	2	3
5.6	Het u meer as een bedmaat?	1	2	3
5.7	Dring u daarop aan dat 'n kondoom te alle tye tydens seksuele omgang gebruik moet word?	1	2	3
5.8	Dink u dat persone wat onder die invloed van alkohol verkeer meer geneig is om by seksuele aktiwiteite betrokke te raak?	1	2	3

5.9	Is dit vir u belangrik dat u maat MIV-negatief moet wees?	1	2	3
5.10	Sou u bevriend raak met 'n MIV-positiewe persoon?	1	2	3
5.11	Ken u iemand wat MIV-positief is?	1	2	3
5.12	Voel u jammer vir mense met VIGS?	1	2	3
5.13	Die regering moet meer doen om die verspreiding van VIGS te voorkom?	1	2	3
5.14	'n MIV-positiewe persoon kan met die blote oog geïdentifiseer word?	1	2	3

5.15 Is MIV/VIGS 'n straf van die voorvaders?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

5.16 Indien ja, motiveer u antwoord.

5.17 Wat sal as motivering dien om wel vas te stel of u MIV/VIGS het?

5.18 Indien u Vigs het, sou u u status aan ander bekend maak?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

5.19 Motiveer u antwoord.

5.20 Praat u met u kinders oor MIV/VIGS?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

5.21 Praat u met u kinders oor seks?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

5.22 Wat is na u mening die oplossing vir die VIGS-vraagstuk?

## AFDELING 6: OPINIES VAN RESPONDENTE OOR 'n PROGRAM

6.1 Sal u daarvan hou om in 'n klein groepie, waar vertroulikheid hoog op prys gestel word, oor MIV/VIGS-aangeleenthede te gesels?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

6.2 Indien 'n program aangebied sou word, watter van die volgende sou u verkies?

		Ja	Nee
6.2.1	Gedurende die week	1	2
6.2.2	Gedurende die naweek, bv. Saterdag	1	2
6.2.3	Eenmaal elke week oor 'n periode van 5–9 weke	1	2
6.2.4	Groepe wat uit mans en vroue bestaan	1	2
6.2.5	Groepe wat uit slegs mans of slegs vroue bestaan	1	2

6.3 Watter van die volgende onderwerpe moet die program insluit?

		Ja	Nee
6.3.1	Inligting oor MIV/VIGS	1	2
6.3.2	Inligting oor die beoefening van veiliger seks	1	2
6.3.3	Kommunikasie en onderhandelingsvaardighede	1	2
6.3.4	Hoe om my kind op te voed aangaande seks	1	2
6.3.5	Om die Vigs-pasiënt te versorg	1	2
6.3.6	Verhoudings met my kinders en eggenoot	1	2
6.3.7.	My regte ten opsigte van seksuele aangeleenthede soos verkragting	1	2
6.3.8	Effektiewe geldbesteding	1	2
6.3.9	Spesifiseer enige ander onderwerp wat u graag sou wou bespreek:		

6.4 Het u enige opmerkings of voorstelle rakende bogenoemde?

6.5 Het u enige opmerkings met betrekking tot die skedule?

## **ADDENDUM C: BRIEF**

Geagte Meneer

Insake navorsing t.o.v. MIV/VIGS

Ek, Leana Nogueira, is 'n student aan die Noordwes-Universiteit te Potchefstroom. Ek is tans besig met navorsing oor die persepsie wat onder plaaswerkers heers ten opsigte van MIV/VIGS. Om my navorsing suksesvol te kan uitvoer, het ek die waardevolle bydrae van u plaaswerkers nodig.

Hiermee my vriendelike versoek dat u toestemming verleen om u werkers toe te laat om die skedules in te vul.

Byvoorbaat dank

Die Uwe

---

**L. Nogueira**